

'N EKOLOGIESE ONDERSOEK VAN DIE SAME-
STELLING EN STRUKTUUR VAN VERTEENWOOR-
DIGENDE PLANTGEMEENSKAPPE VAN DIE SOET-
BOSVELD, MET SPESIALE AANDAG AAN DIE
INVLOED VAN EDAFIESE FAKTORE OP DIE
VERSPREIDING VAN HOUTAGTIGE SPESIES.

deur

PAUL PHILLIPUS JACOBUS MORRIS

Honns-B.Sc.

Verhandeling ingehandig ter gedeeltelike vol-
doening aan die vereistes vir die M.Sc.-graad
in die Fakulteit van Natuurwetenskappe aan die
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike
Hoër Onderwys.

P.U. vir C.H.O.,
POTCHEFSTROOM.

Desember 1972

Opgedra aan

MY VROU en OUIERS

INHOUDSOPGAWE

	Blad sy
Inleiding	iv
Hoofstuk 1:	
Beskrywing van studiegebied:	1
1.1 Ligging en topografie	1
1.2 Dreinerings	1
1.3 Klimaat	2
1.4 Geologie	2
Hoofstuk 2:	
'n Oorsigtelike beskrywing van die plantgemeenskappe van die studiegebied:	9
2.1 Inleiding	9
2.2 Studiemetodes	11
2.2.1 Die Assosiasie-analise metode	11
2.2.2 Prosedure	12
2.3 Die plantgemeenskappe van die studiegebied	16
2.3.1 Die <u>Acacia tenuispina/Chloris virgata</u> -gemeenskap	16
2.3.2 Die <u>Acacia tortilis</u> */ <u>Acacia tenuispina</u> -gemeen- skap	17
2.3.3 Die <u>Acacia tortilis/Acacia erubescens</u> -gemeenskap	20
2.3.4 Die <u>Dichrostachys cinerea/Eragrostis rigidior</u> - gemeenskap	23
2.3.5 Die <u>Acacia erubescens/Aristida barbicollis</u> - gemeenskap	26
2.3.6 Die Gemengde <u>Acacia</u> - en Breëblaar-boom-gemeen- skap	28
2.3.7 Die <u>Acacia tortilis/Eragrostis rigidior</u> -gemeen- skap	30
2.3.8 Die <u>Acacia karroo/Panicum maximum</u> -gemeenskap ..	31
2.3.9 Die <u>Acacia erubescens/Grewia flava</u> -gemeenskap..	31

*Sien voetnota op bladsy 1

2.3.10	Die <u>Acacia grandicornuta/Chloris virgata-</u> gemeenskap	33
2.3.11	Die <u>Combretum apiculatum/Aristida barbicollis-</u> gemeenskap	35

Hoofstuk 3:

3.1	Edafiese toestande in die studiegebied	38
3.1.1	Gronde van die sentrale kleivlaktes	41
3.1.2	Gronde van die oorgangsones met goed ontwikkelde strukture	42
3.1.3	Apedale gronde van die tussenstroom-gebiede ..	44
3.1.4	Gronde van die Krokodilrivier-vallei	47
3.2	Die verband tussen plantgemeenskappe en bodemtoestande	51

Hoofstuk 4:

Die struktuur en floristiese samestelling van die <u>Acacia erubescens/Grewia flava</u> -gemeenskap		60
4.1	Algemeen	60
4.2	Die plantbedekking van die individuele studiepersele	68
4.3	'n Algemene oorsig van die plant-bedekking van die twaalf studiepersele	87

Hoofstuk 5:

Die verspreiding van grasspesies onder kruine van <u>Acacia erubescens</u> , <u>Acacia tortilis</u> en <u>Boscia albitrunca</u>		99
5.1	Algemene oorsig en studiemetode	99
5.2	Resultate	101
5.3	Statistiese verwerking van gegewens deur middel van die Meervoudige Variansie-analise	113
5.4	Resultate en gevolgtrekkings	123

III
INHOUDSOPGAWE (vervolg)

	Bladsy
Opsomming	128
Summary	133
Dankbetuigings	138
Verwysings	139
Addendum I	vi - vii
Addendum II	viii - xxxx

INLEIDING

Die plantegroei van die bestudeerde gebied, word deur Acocks (1953) as Droë-Soetbosveld geklassifiseer, terwyl Pole-Evans (1936) dit as Savanna-veld beskryf het. Van Wyk (1959) het gevind dat opvallende verskille tussen die onderskeie plantgemeenskappe waaruit die Savanna-veld saamgestel is, bestaan. Hierdie verskynsel is nie deur Pole-Evans aangedui nie. Volgens Van Wyk (1959) was dit ook duidelik dat die Savanna-veld meer as een grondsoort bedek en dat 'n eiesoortige gemeenskap op elk van die verskillende grondsoorte aangetref word.

Plante en die bodem waarop dit voorkom, is onafskeidbaar geassosieer, omdat die bodem nie net as groeiplek dien nie, maar ook voedingstowwe verskaf en in sekere gevalle selfs die verspreiding van spesies beïnvloed. Die rol van die bodem ten opsigte van plantverspreiding - dus die floristiese samestelling en verspreiding van plantgemeenskappe, is in die verlede nie altyd bevredigend verstaan nie, deurdat plantekoloë nie oor voldoende bodemkundige kennis en bodemkundiges weer nie oor voldoende plantekologiese kennis, beskik het nie. Bodemkundiges was hoofsaaklik daarop ingestel om gronde in die lig van hul aard en oorsprong te ondersoek, terwyl plantekoloë weer hoofsaaklik geïnteresseerd was in die kwantitatiewe en kwalitatiewe eienskappe van plantgemeenskappe. Tans word daar meer aandag aan die invloed van die bodem op die plantbedekking gegee, aangesien dit besef word dat daar 'n noue korrelasie tussen sekere grondtipes en verspreiding van sommige plantspesies bestaan.

Die Laer Krokodilriviervallei, is by uitnemendheid geskik om die invloed van die bodem op die floristiese samestelling en verspreiding van plantgemeenskappe te bepaal, aangesien 'n verskeidenheid bodemtipes hier voorkom. Elke bodemtype het 'n kenmerkende, min of meer eiesoortige plantgemeenskap, wat floristies en soms ook fisionomies van die ander verskil. As gevolg hiervan

kon 'n studie uitgevoer word, om die invloed van die bodem op die verspreiding van plantgemeenskappe, te bepaal. Verder kon een van die tipiese Savanna-gemeenskappe, naamlik die Acacia erubescens/Grewia flava-gemeenskap ook in meer besonderhede bestudeer word, ten einde die kwantitatiewe en sekere kwalitatiewe eienskappe daarvan aan te dui.

Die doelstelling van hierdie studie was dus tweëerlei, naamlik om die invloed van die bodem op die voorkoms en verspreiding van die onderskeie plantgemeenskappe te ondersoek en ook om die kwalitatiewe eienskappe van een van die plantgemeenskappe so noukeurig moontlik te bestudeer. Om die invloed van die bodem op die plantbedekking te kon bepaal, was dit noodsaaklik om 'n noukeurige bodemkundige opname in die studiegebied uit te voer, sodat die verspreiding van die verskillende bodemtipes aangedui kon word. Elk van die bodemtipes se fisiese en chemiese eienskappe is ook bepaal.

Nadat die bodemkundige ondersoek afgehandel is, is die plantegroei van die gebied met behulp van die assosiasie analise tegniek van Williams en Lambert (1959) bestudeer, om die verskillende gemeenskappe en hulle verspreiding te bepaal. Die verband tussen die bodemtipes en die verspreiding van sekere spesies kon op dié wyse duidelik aangedui word.

Die intensiewe ekologiese opname is uitgevoer om die kwantitatiewe en sekere kwalitatiewe eienskappe van die Acacia erubescens/Grewia flava-gemeenskap te ondersoek. Die studie is met behulp van persele en wiewepunt-opnames gedoen.

Daar is ook aandag gegee aan die invloed van bome op die floristiese samestelling van die grasbedekking en die verspreiding van grasse spesies.

HOOFSTUK 1

BESKRYWING VAN STUDIEGEBIED

1.1 Ligging en topografie

Die studiegebied is tussen $26^{\circ} 51'$ en $27^{\circ} 5'$ oosterlengte, en $24^{\circ} 20'$ en $24^{\circ} 30'$ suiderbreedte, in die distrik Thabazimbi, geleë. Dit lê ongeveer 7 kilometer noord-wes van Makoppa en beslaan 'n totale oppervlakte van nagenoeg 55 vierkante kilometer. Dit sluit die volgende plase in:

Looplaagte 56 KP, Snymanslaagte 74 KP, Hartbeestkuil 51 KP, Buisdoorens 55 KP, Rans 53 KP en Fauré 72 KQ.

Die gebied is redelik homogeen vir sover dit die topografie betref en bestaan hoofsaaklik uit gelykliggende vlaktes wat tussen 945,12 en 884,15 meter bo seespieël geleë is. Daar is 'n geleidelike daling vanaf 'n suid-westelike na 'n noord-oostelike rigting.

1.2 Dreinerings

Die studieterrein is in die opvanggebied van die Krokodilrivier geleë. Die sentrale gedeelte word deur 'n swak gedefinieerde episodiese leegte gedreineer, terwyl die res van die gebied direk deur laminêre vloei na die Krokodilrivier dreineer. Daar kom dus feitlik geen spruite en waterlope voor nie. Bogenoemde is waarskynlik hoofsaaklik die gevolg van die sanderige tekstuur van beide die gronde en die onderliggende graniet.

* Slegs een sub-spesie van Acacia tortilis nl. heteracantha, kom in die studiegebied voor. Dit word in die teks gerieflikheids-halwe, slegs Acacia tortilis genoem.

1.3 Klimaat

Volgens Köppen (Trewartha 1968, p. 402) is die klimaat van die studiegebied semi-arië en die verdamping oorskry die neerslag. Klimatologiese studies was nie deel van die ondersoek nie daarom is die algemene klimaatstoestand soos hier uiteengesit, slegs gebaseer op die gegewens van die weerstasies te Thabazimbi en Mochudi (Weerburo statistiek 1957 - 1963). Dit moet dus slegs as 'n benaderde aanduiding van die temperatuur en reënvaltoestand van die studiegebied gesien word. Die temperatuurlesings word in tabelle 1 en 2 verstrekk. Uit tabelle 1 en 2 is dit duidelik dat die hoogste gemiddelde maandelikse temperatuur van ongeveer 30 tot 32° C wissel, en dat die laagste gemiddelde maandelikse temperatuur wissel van 4,5 tot 6° C. Die reënval-statistiek van bogenoemde weerstasies word in tabelle 3 en 4 verstrekk. Ad-disionele reënval-gegewens van die plaas Welgevonden 68 KQ, wat slegs 8 kilometer noord van die studiegebied geleë is, word ook getoon (tabel 5). Omdat hierdie gegewens waarskynlik meer verteenwoordigend is van die reënval in die studiegebied, word dit afsonderlik in tabel 5 verstrekk.

Uit bogenoemde tabelle is dit duidelik dat die hoogste neerslae van November tot Februarie voorkom en dat reën oor die algemeen tydens die wintermaande ontbreek. Dit is verder ook duidelik dat die gemiddelde jaarlikse reënval $\pm 379,1$ mm. is en dat hierdie syfer aansienlik varieer (tabel 5). Dou kom algemeen voor, maar die voorkoms van ryp is beperk tot sommige winternagte, veral langs die rivier.

1.4 Geologie

Volgens die Geologie Kaart van die Republiek van Suid-Afrika (Geologiese Opname, 1970) word die gebied hoofsaaklik deur Argeïese graniet, waarvan kwarts en ortoklaas die hoofkomponente vorm, onderlê. Die graniet is plek-plek gedeeltelik deur eoliese

TABEL 1:

GEMIDDELDE MAANDELIKSE MINIMUM - EN - MAKSIMUM TEMPERATURE VAN THABAZIMBI VIR 1957 - 1963 (IN °C) (WEERBURO STATISTIEK 1957 - 1963)

Jaar	Jan. Maks.	Min.	Feb. Maks.	Min.	Mar. Maks.	Min.	Apr. Maks.	Min.	Mei Maks.	Min.	Jun. Maks.	Min.	Jul. Maks.	Min.	Aug. Maks.	Min.	Sep. Maks.	Min.	Okt. Maks.	Min.	Nov. Maks.	Min.	Des. Maks.	Min.
1957	31,9	18,7	31,8	19,3	29,3	18,2	-	(12,7)	(25,7)	(7,8)	(20,5)	(6,0)	(23,1)	(7,9)	(24,0)	(8,9)	(28,1)	(14,9)	(29,9)	(16,2)	(33,0)	(19,5)	-	-
1958	(32,0)	(20,3)	(31,7)	(19,2)	(31,6)	(18,3)	(29,4)	(14,3)	(27,7)	(14,4)	(22,3)	(4,4)	(23,9)	(6,5)	(25,8)	(8,8)	(27,4)	(14,2)	(30,7)	(17,6)	(32,7)	(20,1)	-	(19,2)
1959	29,8	18,9	29,9	18,9	28,9	16,9	28,4	14,7	24,0	7,9	23,7	6,0	22,1	7,2	24,2	7,5	28,1	13,1	31,3	18,2	30,9	18,5	29,8	19,3
1960	32,2	20,2	31,0	19,3	30,2	17,8	27,3	14,8	23,8	7,2	21,8	5,3	21,7	5,0	26,6	10,4	29,4	15,3	31,9	19,3	29,3	17,6	29,9	(17,9)
1961	30,8	18,0	30,0	18,7	28,9	17,1	27,6	14,5	25,4	10,3	21,4	7,2	22,4	6,6	23,9	7,4	30,6	15,4	32,4	17,3	30,1	18,7	30,2	17,5
1962	32,5	-	32,8	-	31,3	-	26,9	-	24,4	-	24,0	-	23,4	-	26,5	-	30,8	15,5	32,3	19,9	30,1	18,9	30,3	18,5
1963	30,0	19,7	32,2	20,0	30,2	17,9	26,0	13,7	23,1	8,3	20,2	5,8	20,6	5,4	24,3	8,1	30,2	15,1	-	-	-	-	-	-

Die syfers in hakies is bereken uit 'n ontoereikende aantal daaglikse waarnemings.

TABEL 2:

GEMIDDELDE MAANDELIKSE MINIMUM - EN - MAKSIMUM TEMPERATURE VAN MOCHUDI VIR 1957 - 1960 (IN °C), (WEERBURO STATISTIEK 1957 - 1960).

aar	Jan.		Feb.		Mar.		Apr.		Mei		Jun.		Jul.		Aug.		Sep.		Okt.		Nov.		Des.	
	Maks.	Min.	Maks.	Min.	Maks.	Min.	Maks.	Min.	Maks.	Min.	Maks.	Min.	Maks.	Min.	Maks.	Min.	Maks.	Min.	Maks.	Min.	Maks.	Min.	Maks.	Min.
957	32,8	19,3	31,2	18,8	30,0	17,1	(29,3)	(13,1)	26,4	6,8	(21,0)	(3,8)	22,3	6,8	24,1	7,0	28,7	13,3	30,4	14,6	-	18,6	31,7	15,6
958	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
959	30,5	17,4	31,4	18,4	(29,4)	(16,8)	29,2	14,1	24,0	7,3	(23,3)	(5,2)	22,0	5,2	24,4	6,0	28,3	10,4	32,3	16,5	33,4	17,9	-	-
960	(33,6)	(19,2)	32,8	19,4	31,0	18,5	(27,3)	(14,2)	(25,1)	(7,0)	(21,8)	(5,0)	(21,1)	3,9	26,2	9,9	29,7	14,2	32,6	18,4	29,1	17,8	30,6	15,0

Die syfers in hakies is bereken uit 'n ontoereikende aantal daaglikse waarnemings.

Tabel 3:

Maandelikse reënval van Thabazimbi vir 1957 - 1960 (in mm). (Weerburo 1957 - 1960).

Jaar	Jan.	Feb.	Mar.	Apr.	Mei	Jun.	Jul.	Aug.	Sep.	Okt.	Nov.	Des.
1957	88,5	87,0	44,7	40,4	17,5	64,2	64,0	42,0	39,0	48,0	36,7	32,8
1958	133,5	57,0	33,1	57,0	1,8	0,0	0,0	1,0	30,0	55,0	106,0	174,8
1959	178,5	122,9	92,6	37,0	25,8	0,4	1,9	8,0	0,0	15,0	123,9	165,8
1960	35,8	98,5	79,5	74,5	14,0	0,0	1,0	18,1	1,5	18,6	187,0	127,6

Tabel 4:

Maandelikse reënval van Mochudi vir 1957 - 1960 (in mm). (Weerburo 1957 - 1960).

Jaar	Jan.	Feb.	Mrt.	Apr.	Mei	Jun.	Jul.	Aug.	Sept.	Okt.	Nov.	Des.
1957	84,0	101,9	74,5	48,5	8,5	18,0	54,5	20,0	36,8	52,5	89,5	78,0
1959	50,0	35,5	28,5	27,5	50,5	0,0	12,0	0,0	0,0	14,9	90,4	93,5
1960	42,5	9,5	9,9	2,8	1,0	2,3	0,0	1,5	0,0	20,8	196,4	137,8

TABEL 5: MAANDELIKSE REËNVAL VAN DIE PLAAS WELGEVONDEN 68 KQ (IN MM).

Jaar	Jan.	Feb.	Mar.	Apr.	Mei	Jun.	Jul.	Aug.	Sep.	Okt.	Nov.	Des.	Totaal
1962	5,1	49,8	41,2	78,7	-	-	-	-	-	11,7	72,1	46,2	304,8
1963	36,6	11,7	22,4	79,3	16,5	3,8	-	-	-	68,3	51,6	44,5	334,7
1964	86,9	28,7	18,8	23,4	-	-	-	-	-	100,6	12,2	89,7	360,3
1965	3,8	63,3	8,6	45,7	-	-	-	-	8,9	-	79,3	-	209,6
1966	49,8	33,5	-	-	-	11,7	-	-	62,9	45,5	57,4	126,8	387,6
1967	85,1	97,5	156,9	52,3	-	-	-	-	-	38,4	76,2	21,8	528,2
1968	82,2	27,7	91,4	100,8	20,6	-	-	-	-	16,5	40,0	101,4	480,6
1969	82,3	56,1	107,7	14,2	21,6	-	-	-	19,6	59,2	16,3	86,9	463,9
1970	31,4	52,3	14,5	14,5	-	-	-	-	-	25,7	102,1	102,1	342,6
1971	220,7	190,5	11,2	62,2	-	-	-	-	-	-	-	-	-
										TOTAAL			3412,3
										Gemiddelde jaar- likse reënval			379,1

sand bedek. Hierdie materiaal is hoofsaaklik in die laer liggende gedeeltes oor die Argeïese graniet en verweringsprodukte van graniet en alluvium, afgesit. Gronde met kenmerkende sanderige teksture en 'n goeie interne dreinerings, is tipies met hierdie afsettings geassosieer. Lokaliteite waar die onderliggende graniet met 'n baie dun laagie kolluvium en verweerde materiaal van granitiese oorsprong bedek is, of waar die eoliese sand deur denudasie verwyder is, word gekenmerk deur die teenwoordigheid van vlak gronde wat die produk is van die sedentêre verwerking van graniet.

Die terrein, wat essensieel gelykliggend is, kan as 'n pedivlakte, wat in 'n laat rypheidstadium verkeer, beskryf word (King 1951). Uitgestrekte alluviale afsettings word in die oorstromingsvlakte van die Krokodilrivier en ook langs die swak gedefinieerde episodiese waterbane aangetref. Hierdie alluvium wat hoofsaaklik uit klei bestaan, is verantwoordelik vir die ontstaan van donker kleigronde met kenmerkende morfologiese-, chemiese- en fisiese eienskappe.

Volgens Strahler (1951), kan kleigronde in oorstromingsvlaktes van 'n rivier, 'n direkte gevolg wees van die rivier se lae gradiënt. Die kleigronde van die oorstromingsvlaktes van die Krokodilrivier, dui dus moontlik op 'n lae gradiënt in die omgewing van die sameloop van die Krokodil- en Marico-rivier.

Die goed ontwikkelde dykwalle waarop sanderige alluvium afgesit is, is eweneens ook 'n gevolg van bogenoemde verskynsel. Tussen die pedivlaktes (op die laer hange) en oorstromingsvlaktes, kom gruiserige terrasafsettings voor.

HOOFSTUK 2

'N OORSIGTELIKE BESKRYWING VAN DIE PLANTGEMEENSKAPPE VAN
DIE STUDIEGEBIED

2.1 Inleiding

Acoks (1953) klassifiseer die plantegroei van die studiegebied as 'n Droë-Soetbosveld, alhoewel kenmerkende plantspesies van die aangrensende gemengde Suurbosveld ook in dié gebied voorkom. Pole-Evans (1936) noem dié gebied Savanna-veld, terwyl Adamson (1938) dit as 'n klein-boom-savanna van die Bosveld, beskryf. Volgens Pole-Evans, bestaan die veld uit uitgestrekte boombe-groeide grasvlaktes, waarop hoofsaaklik doringbome aangetref word. Dit kan moontlik ook gesien word as 'n oorgangs-plantegroeitipe tussen die Bosveld en Bossavanna, soos deur Adamson (1938) beskryf word.

Die plantegroei van dié Savanna bestaan fisionomies uit twee duidelike lae, naamlik 'n boomstratum en 'n grasstratum. 'n Struikstratum kan teenwoordig of afwesig wees. Die digtheid van bome wissel aansienlik, maar oor die algemeen is die afstand tussen die bome, groter as hul gemiddelde kruindeursnee, sodat redelike groot oop dele tussen die bome voorkom.

Acacia spesies soos Acacia erubescens, A. tortilis, sub spesie heteracantha, A. mellifera*, A. karroo, A. giraffae, A. tenuispina en A. grandicornuta is oor die algemeen die dominante boomspe-sies. Ander boomspesies wat algemeen voorkom, is Acacia nigre-scens, Boscia albitrunca, Combretum apiculatum, Dombeya rotun-difolia, Peltophorum africanum, Rhus pyroides, Ziziphus mucro-nata, Sclerocaria caffra en Terminalia sericea (Sien tabel 6).

*Slegs een sub-spesie van Acacia mellifera nl. detinens, kom in die studiegebied voor. Dit word in die teks gerieflikheids-halwe slegs Acacia mellifera genoem.

TABEL 6:

DIE BELANGRIKSTE SPESIES VAN DIE ONDERSKEIE PLANTGEMEENSKAPPE

Plantgemeenskap	Simbool waardeur plantgemeenskap op Figuur 7 voorgestel is	Kenmerkende boomspesies	Kenmerkende struike	Kenmerkende Grasspesies
<u>Acacia tenuispina/Chloris virgata</u> gemeenskap	A.ten/C.v	<u>Acacia tenuispina</u> <u>Acacia tortilis</u>	Geen	<u>Chloris virgata</u> <u>Digitaria pentzii</u> <u>Aristida barbicollis</u>
<u>Acacia tortilis/</u> <u>Acacia tenuispina-</u> gemeenskap	A.t/A.ten	<u>Acacia tortilis</u> <u>Acacia tenuispina</u>	Geen	<u>Chloris virgata</u> <u>Aristida barbicollis</u> <u>Urochloa mosambicensis</u>
<u>Acacia tortilis/Acacia</u> <u>erubescens-gemeenskap</u>	A.t/A.e	<u>Acacia tortilis</u> <u>Acacia erubescens</u>	<u>Grewia flava</u>	<u>Aristida barbicollis</u> <u>Tragus beteronianus</u>
<u>Dichrostachys cinerea/</u> <u>Eragrostis rigidior-</u> gemeenskap	D.c/E.r	<u>Acacia erubescens</u> <u>Acacia tortilis</u>	<u>Dichrostachys cinerea</u> <u>Grewia monticola</u>	<u>Eragrostis rigidior</u> <u>Tragus beteronianus</u> <u>Aristida barbicollis</u>
<u>Acacia erubescens/</u> <u>Aristida barbicollis-</u> gemeenskap	A.e/A.b	<u>Acacia erubescens</u> <u>Acacia tortilis</u>	<u>Grewia flava</u> <u>Dichrostachys cinerea</u>	<u>Aristida barbicollis</u> <u>Tragus beteronianus</u> <u>Eragrostis rigidior</u>
Gemengde Acacia- en Breëblaar-boom- gemeenskap	A / Bb	<u>Acacia erubescens</u> <u>Combretum apiculatum</u> <u>Peltophorum africanum</u> <u>Terminalia sericea</u>	<u>Dichrostachys cinerea</u> <u>Grewia monticola</u>	<u>Aristida barbicollis</u> <u>Eragrostis rigidior</u>
<u>Acacia tortilis/</u> <u>Eragrostis rigidior-</u> gemeenskap	A.t/E.r	<u>Acacia tortilis</u> <u>Acacia karroo</u>	<u>Grewia flava</u>	<u>Eragrostis rigidior</u> <u>Chloris virgata</u> <u>Aristida barbicollis</u>
<u>Acacia karroo</u> <u>Panicum maximum-</u> gemeenskap	A.k/P.m	<u>Acacia karroo</u> <u>Ziziphus mucronata</u>	Geen	<u>Panicum maximum</u>
<u>Acacia erubescens/Grewia</u> <u>flava-gemeenskap</u>	A.e/G.f.	<u>Acacia erubescens</u> <u>Acacia tortilis</u>	<u>Grewia flava</u>	<u>Aristida barbicollis</u> <u>Eragrostis rigidior</u>
<u>Acacia grandicornuta</u> <u>Chloris virgata-gemeenskap</u>	A.g/C.v	<u>Acacia grandicornuta</u> <u>Acacia mellifera</u>	Geen	<u>Chloris virgata</u> <u>Aristida barbicollis</u>
<u>Combretum apiculatum/</u> <u>Aristida barbicollis-</u> gemeenskap	C.a/A.b	<u>Combretum apiculatum</u>	<u>Dichrostachys cinerea</u> <u>Grewia occidentalis</u>	<u>Aristida barbicollis</u> <u>Oropetium capense</u>

Die bome word selde hoër as 8 meter en het oor die algemeen 'n sambreelvormige groeivorm. Meeste van die boomspesies is bladwisselend. Die verskillende plantgemeenskappe kan duidelik op grond van fisionomie en floristiese samestelling van mekaar onderskei word.

Die grasbedekking van dié savanna-gemeenskappe, is gedurende die wintermaande droog en verdor. Dit is relatief goed ontwikkel en ook redelik aaneenlopend. Die floristiese samestelling verskil egter opvallend in die verskillende gemeenskappe. Spesies wat algemeen voorkom is die volgende: Aristida barbicollis, Chloris virgata, Eragrostis rigidior, Panicum maximum, Panicum coloratum, Eragrostis atherstonei, Tragus berteronianus, Aristida stipitata, Schmidtia pappophoroides, Aristida adscensionis, Eragrostis lehmanniana en Oropetium capense (Sien tabel 6).

2.2 Studiemetodes

2.2.1 Die Assosiasie-analise metode

Die plantegroei van die studiegebied is sodanig dat verskeie opnamemetodes gebruik kon word. Daar is egter op Lambert en Williams (1959) se assosiasie-analise-metode besluit aangesien hierdie metode voldoende inligting in verband met die verspreiding van houtagtige spesies in die studiegebied kon verskaf. Hierdie metode kom kortliks daarop neer dat opnames in 'n aantal persele, wat ewekansig oor die studiegebied versprei is, gedoen word. Die resultate word met behulp van 'n rekenaar verwerk en die persele word, op grond van ooreenkomste en/of verskille, in groepe gesorteer. Groepering is gebaseer op 'n spesies-korrelasie-matriks. Met ander woorde, alle spesies teenwoordig, is in alle moontlike kombinasies met mekaar gekorreleer. Hierdie prosedure word die normale assosiasie-analise genoem. Die essensiële handeling, is 'n groepering van die persele,

en nie van die spesies nie. Persele word egter gegroepeer op grond van hulle spesie-inhoud. Die finale groepering word met behulp van 'n betekenisvolheidstoets, volgens Goodall (1953) se formule, soos deur Jates gewysig, gedoen. Mnr. J.E. Morris van die afdeling Botaniese Opnames van die Departement Landbou-Tegniese Dienste te Pretoria, was verantwoordelik vir die opstel van die rekenaarprogram, wat vir die analise gebruik is.

2.2.2 Prosedure

Na 'n deeglike verkenning van die studiegebied en same-sprekings met mnre. Morris en Coetzee van die afdeling Botaniese Opnames, Departement Landbou-Tegniese Dienste te Pretoria, is besluit dat die opname met behulp van 106 persele van 20 - 20 meter elk uitgevoer kan word. Voordat daar met die veldwerk begin is, is 'n lugfoto-interpretasie van die gebied deur die toepassing van die aangepaste-interpretasie-prosedure (Harmse 1969) uitgevoer. Hierdie metode behels 'n deeglike voorafgaande intensiewe interpretasie van die betrokke lugfoto's*, wat dan deur veldwerk opgevolg word. Aanvanklik is gekarteer met 'n skaal van 1:24 000. Genoemde kaarte is gerieflikheidshalwe na 'n skaal van nagenoeg 1:96 000 verklein.

Voorlopige karteringseenhede is op die lugfoto's onderskei en hul relatiewe groottes is deur middel van die blokkies-vierkant metode bepaal. Hierdie waarskynlike karteringseenhede het, na die veldwerk uitgevoer was, die waarskynlike verskillende plantgemeenskappe verteenwoordig. Die groottes van dié verskillende karteringseenhede, word in die volgende tabel aangedui:

*Die volgende lugfoto's van vlugplan no. 478 is gebruik: lugfoto no. 0710 van strook 4 en lugfoto's nos. 0662-0064 van strook 5.

Voorlopige karteringseenhede	Oppervlaktes in hektaar	Aantal persele toegeken
A	4 560	44
B	1 140	15
C	1 952	21
D	363	4
E	342	5
F	1 282	16
G	85	1

Totale oppervlakte van die studiegebied: 9 724 hektaar.

Uit die tabel is dit duidelik dat die betrokke karteringseenhede se oppervlaktes aansienlik verskil, en dat die aantal persele wat per karteringseenheid toegeken is dienooreenkomstig verskil. Die persele binne  elkeen van die sewe karteringseenhede, is op 'n ewekansige basis versprei. Die lokaliteite van die persele word in figuur 7 aangedui: Die opname in elke perseel is soos volg gedoen:


1. 'n Inventaris van spesies is saamgestel, en
2. 'n bedekkingsklaswaarde is aan elke spesie volgens die Braun-Blanquet (1932) sisteem toegeken.

Die opnames het slegs op die groot houtagtige plante en gras betrekking gehad.

Persentasie bedekking	Bedekkingswaarde
1	+ (slegs teenwoordig)
1 - 5	1
5 - 25	2
25 - 50	3
50 - 75	4
>75	5

Kruide is derhalwe nie in die opname ingesluit nie. Bome en struik is in 20 - 20 meter persele bestudeer terwyl

die grasstratum in kleiner (2 - 2 meter) persele, wat binne die groter persele geleë was, bestudeer is (figuur 1).




Figuur 1: Skematiese voorstelling van 'n studieperseel.

Die opnames is deurgaans in al die persele op dieselfde wyse gedoen.

Nadat die veldwerk afgehandel is, is die gegewens wat ingewin is, deur middel van 'n IBM-rekenaar verwerk. Die resultate van die analise word deur middel van 'n dendrogram (figuur 2) weergegee. Nadat hierdie resultate verkry is, kon die grense van die voorlopige karteringseenhede, wat met die lugfoto's bepaal is, aangepas en gewysig word. Die finale grense van die gemeenskappe is egter eers, nadat deeglike veldkontrolle uitgevoer is, aangebring. Die grense van die karteringseenhede kan gevolglik nou as die grense van die verskillende plantgemeenskappe beskou word (Sien figuur 7).

Die resultate van die opnames, in die persele word in tabelle 7 tot 13 saamgevat.

Aangesien verdwering van bome in sekere van die gemeenskappe, byvoorbeeld die Acacia erubescens/Grewia flava-



Figuur 2:

- Eindgroepe
- - - → Herinterpretasie van eindgroepe
- * Spesie waarop verdeling plaasgevind het
- + Spesie teenwoordig
- Spesie afwesig

gemeenskap voorkom is die boom en struikstratum in sulke gevalle saamgevoeg en as 'n eenheid behandel. Die gemeenskappe is op grond van dominante spesies benaam. Dit moet egter duidelik gestel word dat dit wensliker sou wees as slegs die name van bome en struike gebruik is, omdat die dominante spesie(s) van die grasstratum maklik kan verander.

Dit moet beklemtoon word, dat die bedekkingswaardes vir die grasspesies relatief hoog is, deurdat dit nie die basale bedekking is wat aangedui word nie, maar die halmbedekking soos deur Shimwell (1971) beskryf is. Die waardes is verkry deur die persentasie grond, wat deur die bogrondse dele van elke spesie in elk van die 2 - 2 meter persele oordek is, te skat. Die halmbedekking moet duidelik onderskei word van die basale bedekking, soos omskryf in hoofstuk 4.

2.3 Die plantgemeenskappe van die studiegebied

Uit die voorafgaande dendrogram blyk dit duidelik dat elf verskillende plantgemeenskappe elk met 'n eie fisionomiese karakter in die studiegebied onderskei kon word.

Die verspreiding van elke gemeenskap word in figuur 7 aangedui. Elk van die gemeenskappe sal vervolgens kortliks oorsigtelik bespreek word.

2.3.1 Die Acacia tenuispina/Chloris virgata-gemeenskap

Hierdie gemeenskap kom op die donker gekleurde gronde van die kleivlaktes in die sentrale gedeelte van die studiegebied en op die vloedvlaktes van die Krokodilrivier voor. Dié gemeenskap verteenwoordig ongeveer 20 persent van die totale oppervlakte van die studiegebied. Die verspreiding daarvan word deur simbool A.ten/C.v in figuur 7 aangedui.

Dit vertoon 'n buitengewone fisionomie deurdat die boomstratum uiters swak verteenwoordig is. Acacia tenuispina, met 'n

struikagtige groeivorm, is die dominante spesie. Volgens Robbertse (1971) is laasgenoemde spesie 'n struik wat selde 'n hoogte van 2 meter oorskry en gewoonlik in digte stande voorkom. Dit verleen die kenmerkende fisieonomie aan die betrokke gemeenskap (figuur 3). Geen ander struik is in die gemeenskap waargeneem nie. Chloris virgata is oor die algemeen die dominante grasspesie.

Die plantegroei van dié gemeenskap is in persele no. 2; 46; 49 - 68 en 105 ondersoek. Die resultate van die ondersoek word in tabel 7 saamgevat. Uit die tabel is dit duidelik dat Acacia tenuispina verantwoordelik is vir 'n gemiddelde bedekkingspersentasie wat van 25 - 50 persent wissel, terwyl Chloris virgata vir 'n gemiddelde bedekkingspersentasie van ongeveer 12,5 persent verantwoordelik is. Die frekwensie van dié twee spesies, is onderskeidelik 100 en 92 persent. Acacia tortilis is die sub-dominante spesie met 'n gemiddelde persentasiebedekking van 1 - 5 persent.

Ander spesies wat in die gemeenskap voorkom, is Digitaria pentzii, Aristida barbicollis, Tragus berteronianus, Acacia mellifera, Acacia erubescens en Panicum coloratum. Dié spesies se individuele bedekking is elk kleiner as 1 persent, en in die reël kan hulle as slegs teenwoordig beskou word.

2.3.2 Die Acacia tortilis/Acacia tenuispina-gemeenskap

Hierdie gemeenskap vorm 'n aaneenlopende gordel rondom die groot Acacia tenuispina/Chloris virgata-gemeenskap, en verteenwoordig ook ongeveer 20 persent van die studiegebied. Die bodem waarop dit voorkom, wissel van donker gekleurde kleierige - tot minder kleierige gronde, wat onderskeidelik tot die Rensburg- en Sterkspruit series behoort (figuur 8). Die gemeenskap word deur simbool A.t/C.v (figuur 7) voorgestel.

Die plantegroei van dié gemeenskap is in persele no. 45; 48



Figuur 3: Die Acacia tenuispina/Chloris virgata-gemeenskap. Acacia tenuispina vorm 'n min of meer geslote gemeenskap. Die individue van die spesies is selde hoër as 1,5 meter. Acacia tortilis is op die horison sigbaar.

TABEL 7:

Resultate van die perseel-opname van die *Acacia tenuispina*/*Chloris virgata*-gemeenskap

Perseel no.	2	46	49	50	51	52	53	54	55	56	57	58	59	60	61	62	63	64	65	66	67	105	Gemiddelde bedekkings- waarde	Frekwensie
Spesies	Bedekkingswaardes																							
<i>Acacia tenuispina</i>	2	2	3	3	3	3	4	3	3	4	3	2	3	3	3	3	2	3	2,5	2,5	3	3	3	100
<i>Chloris virgata</i>	1	1	2	2	3	1	1	3	2	-	2	2	2	3	3	4	1	2	2	2	4	2	2	96
<i>Acacia tortilis</i>	0,5	-	0,5	0,5	-	2	1	1	1	-	-	2	-	-	1	1	2	1,5	2	1,5	2	2	1	73
<i>Digitaria pentzii</i>	-	0,5	0,5	0,5	1	-	1	1	0,5	0,5	-	-	0,5	1	-	1	0,5	1	1	1	0,5	1	0,5	68
<i>Aristida barbicollis</i>	1	-	0,5	1	-	-	-	-	1	1	2	0,5	1	0,5	2	-	0,5	0,5	2,5	0,5	0,5	-	0,5	56
<i>Tragus berteronianus</i>	1	-	-	0,5	0,5	-	-	0,5	-	-	-	1	-	-	-	1	-	-	-	-	-	-	0,2	24
<i>Acacia mellifera</i>	-	-	-	-	-	-	0,5	0,5	-	-	0,5	-	-	-	-	-	-	0,5	-	0,5	-	-	0,1	20
<i>Acacia erubescens</i>	0,5	-	-	-	-	-	-	-	-	0,5	-	0,5	-	-	0,5	0,5	-	-	-	-	-	-	0,1	20
<i>Paricum coloratum</i>	0,5	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	0,5	-	0,04	8

(Samevatting van die gegewens van persele no. 2, 46, 49 - 67 en 105).

68 - 79 bestudeer. Die resultate word in tabel 8 aangedui. Uit dié tabel is dit duidelik dat Acacia tortilis en Acacia tenuispina die dominante spesies is. Die hoogte van die individue van eersgenoemde boomspesie wissel van 3 tot 7 meter. Chloris virgata, wat met die uitsondering van enkele lokaliteite, die dominante grasspesie is, kom hier geassosieerd met Acacia tenuispina voor. Laasgenoemde spesie is, soos by die Acacia tenuispina/Chloris virgata-gemeenskap, hoofsaaklik beperk tot die donker kleierige gronde van die Rensburg serie. In teenstelling hiermee, kom Acacia tortilis op albei die grondseries voor. Acacia tortilis en Acacia tenuispina is elk verantwoordelik vir 'n gemiddelde bedekkingspersentasie wat wissel van 25 - 50 persent, beide met 'n frekwensie van 100 persent.

Ander spesies wat in die gemeenskap voorkom is, Aristida barbicollis, Acacia erubescens, Digitaria pentzii, Urochloa mosambicensis, Dichrostachys cinerea en Aristida adscensionis. Afgesien van Aristida barbicollis en Acacia erubescens, word dié spesies vanweë hul lae bedekkingswaardes in die reël as slegs teenwoordig beskou.

2.3.3 Die Acacia tortilis/Acacia erubescens-gemeenskap

Dié gemeenskap kom as gedeeltelik geïsoleerde entiteite voor. Dit word grotendeels deur die Acacia tortilis/Chloris virgata-gemeenskap omsluit en die verspreiding word deur simbool A.t/A.b in figuur 7 aangedui. Gronde waarop hierdie gemeenskap voorkom, is redelik donker gekleur en het 'n hoë klei-inhoud. Dit behoort tot die Sterkspruit- en Weenen-series (figuur 8).

Die plantegroei van dié gemeenskap is in persele no. 47; 77 en 80 - 84 bestudeer. Die resultate van die opname word in tabel 9 verstrek. Uit dié tabel is dit duidelik dat Acacia tortilis en Aristida barbicollis die dominante

Perseel no.	45	48	68	69	70	71	72	73	74	75	76	78	79	Gemid. bedekkings- waarde	Fre- kwensie
Spesies	Bedekkingswaardes														
<i>Acacia tortilis</i>	3	3	3	3	3	3	3	3	3	2	4	3	3	3	100
<i>Acacia tenuispina</i>	2,5	2,5	2,5	3	2	3	1	2	3	2	3	3	3	2,5	100
<i>Chloris virgata</i>	1	-	1	1	-	2	2	3	3	-	3	3	1	2	76
<i>Aristida barbicollis</i>	1	1	1	1	1	1	1	1	1	1	1	1	1	1	100
<i>Acacia erubescens</i>	-	-	-	-	1	2	1	2	1	3	1	-	2	1	62
<i>Digitaria pentzii</i>	-	0,5	-	0,5	0,5		0,5	0,5	0,5	1	0,5	0,5	0,5	0,5	85
<i>Urochloa mosambicensis</i>	-	-	-	0,5	1,5	0,5	0,5	0,5	0,5	1	0,5	0,5	0,5	0,5	76
<i>Dichrostachys cinerea</i>	-	-	-	-	-	1	-	-	-	-	-	1	-	0,1	16
<i>Aristida adscensionis</i>	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	1	0,07	7

Tabel 8: Resultate van die perseel-opname van die Acacia tortilis/Acacia tenuispina-gemeenskap.
(Samevatting van die gegewens van persele no. 45, 48 en 68.- 79).

Perseel no.	47	77	80	81	82	83	84	Gemiddelde bedekkings- waarde	Frekwensie
Spesies	Bedekkingwaardes								
<i>Acacia tortilis</i>	4	4	4	5	3	4	4	4	100
<i>Aristida barbicollis</i>	3	3	3	2	4	4	2	3	100
<i>Acacia erubescens</i>	2,5	2	3	2	3	3	2	2,5	100
<i>Tragus berteronianus</i>	1	1	3	3	2	2	2	2	100
<i>Eragrostis atherstonei</i>	-	1	1	-	2	2	1	1	71,4
<i>Chloris virgata</i>	0,5	0,5	0,5	0,5	0,5	0,5	0,5	0,5	100
<i>Grewia flava</i>	0,5	-	0,5	-	0,5	-	0,5	0,3	59,1
<i>Acacia mellifera</i>	1,5	-	-	-	-	-	-	0,2	14,3
<i>Urochloa mosambicensis</i>	-	-	0,5	-	0,5	-	-	0,1	28,6

Tabel 9: Resultate van die perseelopname van die Acacia tortilis/ Acacia erubescens-gemeenskap.
(Samevatting van die gegewens van persele no. 47, 77 en 80 - 84).

spesies is. Die gemiddelde bedekkingspersentasie van dié twee spesies, wissel onderskeidelik van 50 - 75 en 25 - 50 persent. Dit is opvallend dat Acacia erubescens, die subdominante boomspesie, op sommige plekke verdwerg is sodat dit selde 'n hoogte van 3 meter oorskry (sien figuur 4). Verdwering van dié spesie is slegs beperk tot gronde van die Weenen serie. Acacia mellifera kan vanweë sy lae bedekkingswaarde, slegs as teenwoordig beskou word.

Struik is feitlik afwesig. Grewia flava, met 'n frekwensie van 59,1 en 'n gemiddelde bedekkingspersentasie van 0,3 persent, kan vanweë dié lae waardes, ook as slegs teenwoordig beskou word.

Ander grasspesies wat in die gemeenskap voorkom is: Tragus berteronianus, Eragrostis atherstonei, Chloris virgata en Urochloa mosambicensis. Laasgenoemde drie spesies se individuele bedekking is elk minder as 1 persent. Hulle kan in die reël slegs ook as teenwoordig beskou word.

2.3.4 Die Dichrostachys cinerea/Eragrostis rigidior-gemeenskap

Hierdie gemeenskap is tot die aggradasie vlaktes, suid-wes van die Acacia tenuispina/Chloris virgata-gemeenskap, beperk. Die gemeenskap word deur simbool D.c/E.r in figuur 7 voorgestel. Die gronde waarop dit voorkom, het 'n apedale B-horison en behoort tot die Soetmelk- en Shorrocks serie (figuur 8).

Die plantegroei van dié gemeenskap is in persele no. 3, 20, 25, 26, 30 en 35 - 37 bestudeer, en die resultate word in tabel 10 verstrekk. Uit dié tabel blyk dit dat daar slegs twee boomspesies, naamlik Acacia erubescens en Acacia tortilis in die persele teenwoordig is. Dié twee spesies het frekwensiewaardes van 100 en 75 persent, onderskeidelik.

Die struikstratum is redelik goed ontwikkel en word deur



Figuur 4: Die Acacia tortilis/Aristida barbicollis-gemeenskap:
Die plante met die verdwergde groeivorm in die voor-
grond, is Acacia erubescens.

Perseel no.	3	20	25	26	30	35	36	37	Gemiddelde bedekkings- waarde	Frekwensie
Spesies	Bedekkingswaardes									
<i>Dichrostachys cinerea</i>	1	3	3	5	3	3	3	3	3	100
<i>Eragrostis rigidior</i>	1	2	2	2	2	3	1	3	2	100
<i>Acacia erubescens</i>	2,5	1,5	1	1	1,5	1,5	1	1	1,3	100
<i>Tragus berteronianus</i>	0,5	0,5	1	0,5	0,5	2	0,5	0,5	0,7	100
<i>Aristida barbicollis</i>	2	0,5	0,5	1	0,5	1	0,5	-	0,7	87,5
<i>Grewia monticola</i>	0,5	0,5	-	0,5	1,5	1	0,5	0,5	0,6	87,5
<i>Acacia tortilis</i>	1	1	1,5	0,5	0,5	0,5	-	-	0,6	75
<i>Schmidtia pappophoroides</i>	0,5	-	0,5	0,5	0,5	0,5	0,5	-	0,4	75
<i>Grewia flava</i>	0,5	-	0,5	0,5	-	-	-	-	0,1	37,5
<i>Ehretia rigida</i>	-	-	-	0,5	0,5	0,5	-	-	0,1	37,5
<i>Commiphora schimperi</i>	-	-	0,5	0,5	-	-	0,5	-	0,1	37,5
<i>Urochloa mosmbicensis</i>	0,5	-	0,5	-	-	-	0,5	-	0,1	37,5
<i>Ximenia americana</i>	0,5	-	-	-	-	-	-	0,5	0,1	25
<i>Rhynchelytrum repens</i>	-	-	0,5	-	-	-	0,5	-	0,1	25
<i>Grewia occidentalis</i>	-	-	-	-	-	0,5	-	-	0,6	12,5
<i>Chloris virgata</i>	0,5	-	-	-	-	-	-	-	0,6	12,5
<i>Eragrostis atherstonei</i>	-	-	-	-	0,5	-	-	-	0,6	12,5

25

Tabel 10: Resultate van die Perseelopname van die Dichrostachys cinerea/Eragrostis rigidior-gemeenskap.
(Samevatting van gegewens van persele no. 3, 20, 25, 26, 30 en 35 - 37).

Dichrostachys cinerea oorheers. Laasgenoemde spesie is verantwoordelik vir 'n gemiddelde bedekkingspersentasie van ongeveer 35 persent. Dit het 'n frekwensie van 100 persent. Ander struik wat in die gemeenskap voorkom, is Grewia monticola, Grewia flava, Commiphora schimperi, Ximenia americana en Grewia occidentalis. Eragrostis rigidior is die dominante grasspesie. Dit is verantwoordelik vir 'n gemiddelde bedekkingswaarde van ongeveer 25 persent, en 'n frekwensie van 100 persent.

Ander grasspesies wat in die gemeenskap voorkom, is Tragus berteronianus, Aristida barbicollis, Schmidtia pappophoroides, Urochloa mosambicensis, Rhynchelytrum repens, Chloris virgata en Eragrostis atherstonei. Dié spesies word egter slegs as teenwoordig beskou.

2.3.5 Die Acacia erubescens/Aristida barbicollis-gemeenskap

Dié gemeenskap beslaan 'n relatief groot gedeelte van die studiegebied, wes van die Acacia tenuispina/Chloris virgata-gemeenskap. Dit word deur simbool A.e/A.b in figuur 7 voorgestel. Die gemeenskap beslaan ook 'n betreklik klein gebied, noord-oos van die Acacia tenuispina/Chloris virgata-gemeenskap (figuur 7). Die gronde waarop hierdié gemeenskap voorkom, is onderskeidelik die Soetmelk- en Shorrocksseries (figuur 8).

Die plantegroei van die gemeenskap is in persele no. 4 - 8, 13 - 16, 18, 19, 21, 22, 24, 43, 88 en 98 bestudeer, en die resultate word in tabel II verstrek. Uit dié tabel is dit duidelik dat Acacia erubescens en Aristida barbicollis die belangrikste spesies in die gemeenskap is. Ander boomspesies wat in die gemeenskap voorkom is Acacia tortilis, Dombeya rotundifolia, Peltophorum africanum, Acacia mellifera, Acacia giraffae, Terminalia sericea en Sclerocaria caffra.

TABEL 11: RESULTATE VAN DIE PERSEEL - OPNAMES VAN DIE ACACIA ERUBESCENS/ARISTIDA BARBICOLLIS - GEMEENSKAP

Perseel no.	4	5	6	7	8	13	14	16	18	19	21	22	24	43	88	98	Gemiddelde bedekkings- waarde	Frekwensie
Spesies	Bedekkingswaardes																	
<i>Acacia erubescens</i>	2	1,5	2,5	2	1,5	2,5	2,5	2,5	3	3	2,5	2,5	3	2,5	4	5	2,4	100
<i>Aristida barbicollis</i>	2	2	2	2	2	1	1	1	4	0,5	2	-	0,5	2	4	3	1,8	93,7
<i>Dichrostachys cinerea</i>	1	1	0,5	0,5	1	1	1	1	1	2	0,5	1,5	1,5	1	0,5	0,5	0,95	100
<i>Grewia flava</i>	0,5	-	0,5	0,5	0,5	1,5	1	1,5	0,5	1	1	0,5	0,5	0,5	2	2	0,9	93,7
<i>Tragus berteronianus</i>	0,5	0,5	0,5	0,5	0,5	0,5	0,5	0,5	-	-	0,5	0,5	0,5	1	1	2	0,9	87,5
<i>Eragrostis rigidior</i>	0,5	0,5	0,5	1	-	2	2	2	1	0,5	1	2	2	-	-	-	0,9	75
<i>Acacia tortilis</i>	1	1	1,5	1	1	0,5	0,5	0,5	-	0,5	0,5	1	0,5	1,5	1	1	0,8	93,7
<i>Aristida adscensionis</i>	-	-	0,5	-	1	0,5	-	-	0,5	-	2	1	0,5	2	1	-	0,6	56,2
<i>Chloris virgata</i>	1	1	1	1	0,5	-	-	-	0,5	-	2	-	-	-	-	0,5	0,5	50
<i>Commiphora schimperi</i>	-	0,5	-	-	-	-	0,5	0,5	-	-	1	-	0,5	-	-	-	0,3	31,2
<i>Eragrostis atherstonei</i>	-	0,5	-	-	0,5	0,5	-	0,5	-	-	-	-	-	0,5	-	1	0,2	37,5
<i>Grewia monticola</i>	-	-	-	-	0,5	-	-	-	0,5	-	1	-	1	-	-	-	0,2	25
<i>Dombeya rotundifolia</i>	-	-	-	-	-	-	-	-	-	1	-	-	1	-	-	-	0,1	12,5
<i>Peltophorum africanum</i>	-	0,5	-	0,5	0,5	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	0,09	12,2
<i>Ehretia rigida</i>	-	-	-	-	-	0,5	-	0,5	-	0,5	-	-	-	-	-	-	0,09	19,2
<i>Acacia mellifera</i>	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	1	0,5	0,09	12,5
<i>Acacia giraffae</i>	-	-	-	-	-	-	-	-	0,5	-	-	-	-	-	-	1	0,09	12,5
<i>Aristida stipitata</i>	-	-	-	-	-	-	-	-	0,5	-	-	-	-	-	1	-	0,09	12,5
<i>Grewia occidentalis</i>	-	-	-	-	-	0,5	-	-	-	0,5	-	-	-	-	-	-	0,06	12,5
<i>Terminalia sericea</i>	-	-	0,5	0,5	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	0,06	12,5
<i>Sclerocaria caffra</i>	-	-	-	-	-	-	-	-	0,5	-	0,5	-	-	-	-	-	0,06	12,5
<i>Panicum coloratum</i>	-	-	0,5	-	-	-	-	-	-	-	-	-	0,5	-	-	-	0,06	12,5
<i>Ximenia americana</i>	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	0,5	-	-	-	-	-	0,03	6,2
<i>Maytenus tenuispina</i>	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	0,5	-	-	-	0,03	6,2

(Samevatting van die gegewens van persele no. 4-8, 13-16, 18, 19, 21, 22, 24, 43, 88 en 98).

Die struikstratum is ook redelik goed verteenwoordig. Dichrostachys cinerea, het byvoorbeeld 'n frekwensiewaarde van 100 persent. Ander struike soos Grewia flava, Commiphora schimperi, Grewia monticola, Grewia occidentalis, Ximenia americana en Maytenus tenuispina, moet vanweë die feit dat hulle individuele bedekkingswaardes minder as 1 persent is, slegs as teenwoordig beskou word.

Aristida barbicollis, die dominante grasspesie met 'n frekwensie van 93,7 persent, is verantwoordelik vir 'n gemiddelde bedekkingspersentasie van ongeveer 20 persent. Ander belangrike grasspesies wat in die gemeenskap voorkom, is Tragus berteronianus, Eragrostis rigidior, Aristida adscensionis, Chloris virgata, Eragrostis atherstonei, Aristida stipitata en Panicum coloratum. Die laaste vyf spesies kan ook op grond van hul lae individuele bedekkingswaardes, as slegs teenwoordig beskou word.

2.3.6 Die gemengde Acacia- en Breëblaar-boom gemeenskap

Hierdie gemeenskap beslaan ook 'n relatief groot gedeelte van die studiegebied, wes van die Acacia tenuispina/Chloris virgata-gemeenskap (figuur 7). Gronde waarmee hierdie gemeenskap geassosieer is is die Soetmelk-, Shorrocks-, Makatini- en die Mispah series (figuur 8). Die gemeenskap verteenwoordig ongeveer 17 persent van die totale oppervlakte van die studiegebied (Sien A/Bb - in figuur 7).

Die plantegroei van die gemeenskap is in persele no. 9 - 12, 15, 17, 23, 38 - 42 en 44 bestudeer. Die resultate word in tabel 12 saamgevat. Uit dié tabel is dit duidelik dat Acacia erubescens die dominante spesie van die gemeenskap is.

Die fisionomiese karakter van dié gemeenskap verskil opvallend van die ander, aangesien dit die enigste gemeenskap in die studiegebied is waarin daar so 'n groot verskeidenheid van breëblaar-bome aangetref word. Boomspeies wat algemeen

Perseel no.	9	10	11	12	15	17	23	38	39	40	41	42	44	Gemid. bedek- kings- waarde	Fre- kwensie
Spesies	Bedekkingswaardes														
<i>Acacia erubescens</i>	1,5	2,5	1,5	1,5	1,5	2,5	2,5	2,5	2,5	3,5	2,5	2	1,5	2,2	100
<i>Dichrostachys cinerea</i>	1	2	2	1	2	0,5	1	2,5	1,5	1	1,5	0,5	1	1,3	100
<i>Aristida barbicollis</i>	1	1,5	-	0,5	0,5	2,5	1,5	0,5	2,5	1,5	0,5	2,5	1,5	1,2	92
<i>Eragostis rigidior</i>	0,5	2	-	2	1	2	1,5	0,5	0,5	1	2,5	0,5	0,5	1,1	92
<i>Terminalia sericea</i>	2,5	1	0,5	0,5	1	-	-	2	-	-	2	-	2,5	0,9	62
<i>Peltophorum africanum</i>	0,5	0,5	0,5	0,5	1	0,5	-	-	2,5	2	-	-	-	0,6	62
<i>Acacia tortilis</i>	-	1	0,5	0,5	-	0,5	0,5	1,5	-	-	1,5	-	-	0,5	54
<i>Tragus beteronianus</i>	0,5	0,5	0,5	0,5	0,5	0,5	1	1,5	0,5	-	-	-	-	0,5	69
<i>Grewia flava</i>	0,5	0,5	0,5	0,5	0,5	0,5	-	0,5	0,5	0,5	0,5	0,5	0,5	0,5	92
<i>Commiphora schimperi</i>	0,5	0,5	-	-	0,5	-	0,5	0,5	-	0,5	-	-	0,5	0,3	54
<i>Aristida adscensionis</i>	-	-	0,5	-	-	0,5	2	-	-	-	-	-	0,5	0,3	30
<i>Panicum coloratum</i>	-	0,5	-	0,5	-	-	0,5	-	-	0,5	-	0,5	-	0,3	38
<i>Grewia occidentalis</i>	-	-	0,5	-	-	0,5	-	-	0,5	-	-	0,5	0,5	0,3	38
<i>Ximenia americana</i>	0,5	-	-	-	0,5	-	-	1	-	-	-	0,5	-	0,3	30
<i>Schmidtia pappophoriodes</i>	-	0,5	0,5	-	-	-	-	0,5	0,5	-	0,5	-	-	0,3	38
<i>Oropetium capense</i>	-	-	-	-	0,5	-	-	-	1	0,5	0,5	-	-	0,3	30
<i>Eragrostis atherstonei</i>	-	-	-	-	-	0,5	-	0,5	-	0,5	0,5	0,5	-	0,3	38
<i>Combretum apiculatum</i>	-	-	-	-	-	-	-	0,5	0,5	1	-	-	-	0,2	23
<i>Ehretia rigida</i>	0,5	-	-	0,5	-	1	-	-	-	-	-	-	-	0,2	23
<i>Dombeya rotundifolia</i>	1	0,5	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	0,1	15
<i>Acacia nigrescens</i>	-	-	-	-	-	-	-	-	-	0,5	0,5	-	0,5	0,1	23
<i>Chloris virgata</i>	-	-	-	-	-	-	-	0,5	0,5	-	-	-	-	0,07	15

Tabel 12: Resultate van die perseelopnames van die Gemengde Acacia- en Breëblaar-gemeenskap.
(Samevatting van die gegewens van persele no. 9 - 12, 15, 17, 23, 38 - 42 en 44).

voorkom, is Peltophorum africanum, Terminalia sericea en Acacia tortilis. Dombeya rotundifolia, Combretum apiculatum en Acacia nigrescens is swak verteenwoordig en kan slegs as teenwoordig beskou word.

Dichrostachys cinerea, met 'n frekwensie van 100 persent, is die dominante struik, terwyl spesies soos Grewia monticola, Grewia flava, Commiphora schimperi, Grewia occidentalis en Ximenia americana, op grond van hul lae frekwensie en bedekkingswaardes, as slegs teenwoordig beskou kan word.

Aristida barbicollis, wat 'n frekwensie van 94,7 persent het, is die belangrikste spesie in die grasstratum. Ander grasse spesies wat in die gemeenskap voorkom is, Eragrostis rigidior, Tragus berteronianus, Aristida adscensionis, Panicum coloratum, Schmidtia pappophoroides, Oropetium capense, Eragrostis atherstonei en Chloris virgata.

2.3.7 Die Acacia tortilis/Eragrostis rigidior-gemeenskap

Hierdie gemeenskap kom hoofsaaklik op die terrasgronde, suid van die Krokodilrivier-vallei voor, en beslaan 'n relatief klein oppervlakte. Dit word deur die simbool A.t/E.r in figuur 7 aangedui. Dit grens direk aan die Grewia flava/Acacia erubescens-gemeenskap (figuur 7).

Dié plantegroei van die gemeenskap is in perseel no. 104 ondersoek. Uit die resultate blyk dit dat Acacia tortilis en Eragrostis rigidior die dominante spesies is, terwyl Acacia karroo en Chloris virgata ook algemeen voorkom. Grasspesies soos Aristida barbicollis, Urochloa mosambicensis en Eragrostis atherstonei word as slegs teenwoordig beskou. Bogenoemde moet slegs as 'n aanduiding van die floristiese samestelling van die gemeenskap beskou word, aangesien dit slegs die resultate van een perseel verteenwoordig.

2.3.8 Die Acacia karroo/panicum maximum-gemeenskap

Hierdie gemeenskap is beperk tot die dykwalle van die Krokodilrivier en word deur 'n smal strook plantegroei, wat direk aan die Acacia tortilis/Eragrostis rigidior-gemeenskap grens, verteenwoordig (figuur 7). Dit verskil opvallend van die aangrensende gemeenskap, deurdat die bome relatief hoër en die plantegroei digter is (Sien figuur 5). Gronde waarop die gemeenskap voorkom, behoort tot die Dundee-Weenen- en Rensburg series (figuur 8). Hierdie gemeenskap word deur simbool A.k/P.m in figuur 7 aangedui.

Die plantegroei van dié gemeenskap is in perseel no. 106 ondersoek. Uit die opname het geblyk dat Acacia karroo en Panicum maximum die dominante spesies is. Ander boomspesies wat voorkom is Ziziphus mucronata en Rhus pyroides. Diospyros mespiliformis is die enigste struik wat in die opname verteenwoordig is. Panicum maximum is die belangrikste grasspesie, terwyl Aristida adscensionis en Eragrostis atherstonei ook algemeen voorkom. Die resultate van dié opname moet ook slegs as 'n aanduiding van die floristiese samestelling van die gemeenskap beskou word, aangesien dit slegs die resultate van een perseel verteenwoordig.

2.3.9 Die Acacia erubescens/Grewia flava-gemeenskap

Hierdie gemeenskap is, afgesien van die Lambert en Williams tegniek ook op verskeie ander wyses bestudeer, soos wat in Hoofstuk 4 en 5 aangedui word. Dié gemeenskap kom op die geaggradeerde pedivlaktes, noord-oos van die Acacia tenuispina/Chloris virgata-gemeenskap voor. 'n Klein geïsoleerde gedeelte daarvan, kom ook aan die westelike gedeelte van die studiegebied voor. Hierdie gemeenskap is relatief groot en word deur simbool A.e/G.f in figuur 7 aangedui. In bogenoemde gebied is die gemeenskap geassosieer met gronde van die Shorrocks- en Weenen series (figuur 8).



Figuur 5: Die Acacia karroo/Panicum maximum-gemeenskap:
Die hoë bome, wat op die rivier se dykwalle
voorkom, is op die horison sigbaar.

Hierdie gemeenskap strek ewydig met die Krokodilrivier tot by die sameloop van die Marico- en Krokodilrivier. Dit beslaan die grootste gedeelte van die geaggradeerde pedivlaktes.

Die plantegroei van die gemeenskap is in persele no. 1, 34, 85 - 97 en 99 - 103 bestudeer, en die resultate word in tabel 13 verstrekk. Uit dié tabel is dit duidelik dat Grewia flava en Acacia erubescens die dominante spesies is. Die gemiddelde bedekkingspersentasie van dié twee spesies is ongeveer 50 persent, terwyl hul frekwensie elk onderskeidelik 100 en 94,7 persent is. 'n Boomspezie wat redelik algemeen voorkom is Acacia tortilis met 'n frekwensie van 78,9 persent. Boomspezie wat minder algemeen voorkom, is Acacia mellifera, Boscia albitrunca, Acacia giraffae en Ziziphus mucronata.

Afgesien van Grewia flava, kom daar nog ander struik soos, Dichrostachys cinerea, Grewia monticola, Commiphora schimperi en Ximenia americana, voor.

Die grasstratum is goed verteenwoordig. Ongeveer 50 persent van die gemeenskap se spesies behoort tot die Gramineae, waarvan Aristida barbicollis en Eragrostis rigidior die belangrikste spesies is. Ander grasspesies wat in orde van belangrikheid in dié gemeenskap voorkom, is Tragus berteronianus, Aristida adscensionis, Eragrostis atherstonei, Schmidtia pappophoroides, Urochloa mosambicensis, Digitaria pentzii, Panicum coloratum, Cymbopogon plurinodus, Chloris virgata, Aristida stipitata en Enneapogon scoparius.

2.3.10 Die Acacia grandicornuta/Chloris virgata-gemeenskap

Dié gemeenskap kom op twee klein geïsoleerde lokaliteite, noord-oos van die Acacia tenuispina/Chloris virgata-gemeenskap voor. Dit is die kleinste gemeenskap in die studiegebied

TABEL 13:

Resultate van die perseel-opname van die *Grewia flava*/*Acacia erubescens*-gemeenskap

Perseel no.	1	34	85	86	87	89	90	91	92	93	94	95	96	97	99	100	101	102	103	Gemiddelde bedekkings- waarde	Frekwensie
Spesies	Bedekkingswaardes																				
<i>Grewia flava</i>	1	0,5	5	2	4	3,5	3	5	3	3	3	2	2	2	3	5	3	5	1	2,9	100
<i>Acacia erubescens</i>	2,5	1,5	2	4	5	4	4	1	0,5	1,5	1	3	2	3	4	4	4	4	-	2,7	94,7
<i>Aristida barbicollis</i>	2	0,5	2	2	2	3	2	-	3	2	1	3	3	3	2	2	3	2	2	2,08	94,7
<i>Eragrostis rigidior</i>	1	2	1	-	-	1	2	1	1	2	1	2	2	1	2	3	1	2	1	1,3	59,5
<i>Acacia tortilis</i>	1,5	-	0,5	2,5	0,5	-	-	2	1	2	6	-	1	0,5	1	1	1	0,5	2	1,1	78,9
<i>Dichrostachys cinerea</i>	-	-	0,5	-	-	-	1	-	-	-	-	-	0,5	-	-	-	-	-	-	1,0	15,8
<i>Acacia mellifera</i>	-	-	-	1	1	-	-	3	4	1,5	1	-	-	-	-	-	-	1	4	0,87	42,1
<i>Tragus berteronianus</i>	0,5	0,5	0,5	-	0,5	1	-	2	2	1	2	-	0,5	-	-	0,5	-	-	1	0,63	63,1
<i>Boscia albitrunca</i>	-	-	1,5	-	-	2	1	-	-	-	0,5	1	0,5	1	0,5	1	0,5	0,5	-	0,5	57,9
<i>Aristida adscensionis</i>	0,5	-	0,5	1	-	-	-	3	1	-	0,5	-	-	0,5	-	-	-	-	1	0,42	42,1
<i>Eragrostis atherstonei</i>	-	-	-	-	-	-	-	1	-	-	2	0,5	-	1	-	1	-	-	1	0,34	31,6
<i>Schmidtia pappophoroides</i>	-	-	-	-	-	-	0,5	-	-	2	-	0,5	-	-	-	-	-	2	-	0,24	21,0
<i>Urochloa mosambicensis</i>	-	-	-	1	1	-	-	-	-	-	1	-	-	1	-	-	-	-	0,5	0,24	26,3
<i>Digitaria pentzii</i>	-	-	1,5	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	1	2	0,24	15,8
<i>Panicum coloratum</i>	-	1	-	-	-	-	-	-	-	0,5	-	-	-	-	2	-	-	-	-	0,18	15,8
<i>Cymbopogon plurinodus</i>	-	-	-	1	2	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	0,16	10,5
<i>Chloris virgata</i>	1	0,5	-	0,5	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	0,5	-	-	0,13	21,0
<i>Grewia monticola</i>	-	1	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	0,5	-	-	-	-	-	0,08	10,5
<i>Ehretia rigida</i>	-	-	-	-	-	0,5	-	-	-	-	-	-	-	-	-	0,5	-	-	-	0,05	10,5
<i>Aristida stipitata</i>	-	-	-	-	-	1	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	0,05	5,2
<i>Enneapogon scoparius</i>	-	-	-	-	-	-	-	0,5	0,5	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	0,05	10,5
<i>Acacia giraffae</i>	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	0,5	0,5	-	-	-	-	-	0,05	10,5
<i>Ziziphus mucronata</i>	-	-	0,5	0,5	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	0,05	10,5
<i>Commiphora schimperi</i>	-	0,5	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	0,03	5,2
<i>Ximenia americana</i>	-	0,5	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	0,03	5,2

(Samevatting van die gegewens van persele no. 1, 34, 85 - 87, 89 - 97 en 99 - 103)

en word deur simbool A.g/C.v in figuur 7 aangedui. Die gronde waarop hierdie gemeenskap voorkom, het 'n donker kleur en behoort tot die Sarasdale serie (figuur 8).

Die gemeenskap is tydens die veldwerk as 'n afsonderlike gemeenskap gekarteer. Daar is besluit om die plantegroei van dié gemeenskap deur middel van een bykomende perseel, wat aanvanklik nie in die opname verteenwoordig was nie, te ondersoek. Uit die ondersoek het geblyk dat Acacia grandicornuta en Chloris virgata die dominante spesies in die gemeenskap is. Eersgenoemde spesie het 'n gemiddelde bedekkingswaarde van ongeveer 50 persent. Geen struik het in die perseel voorgekom nie.

Ander spesies wat in die gemeenskap voorkom, is Acacia mellifera, Acacia tortilis, Aristida barbicollis, Urochloa mosambicensis en Tragus berteronianus. Die resultate van die ondersoek moet ook slegs as 'n aanduiding van die floristiese samestelling van die gemeenskap beskou word, aangesien dit slegs deur middel van een perseel verkry is.

2.3.11 Die Combretum apiculatum/Aristida barbicollis-gemeenskap

Die gemeenskap is wes van die Acacia tenuispina/Chloris virgata-gemeenskap geleë en word deur simbool C.a/A.b in figuur 7 aangedui. Gronde waarmee hierdie gemeenskap geassosieer is, is die vlak fase van die Mispah-serie wat hoofsaaklik tot die degradasiefase van die pedivlakte beperk is (Figure 7 en 8).

Die fisionomiese karakter van dié gemeenskap verskil opvallend van die ander, deurdat Combretum apiculatum feitlik in suiwer stande in sekere lokaliteite voorkom. Die plantegroei van die gemeenskap is in persele no. 27 - 29 en 31 - 33 bestudeer. Die resultate is in tabel 14 saamgevat.

Perseel No.	27	28	29	31	32	33	Gemiddelde bedekkings- waarde	Frekwensie
Spesies								
Combretum apiculatum	3	3,5	4	4	3,5	3	3,5	100
Aristida barbicollis	2	1	1,5	1	2	1	1,4	100
Oropetium capense	1	2	1	-	0,5	0,5	0,8	83
Dichrostachys cinerea	0,5	1	1	1	0,5	0,5	0,7	100
Acacia erubescens	1	0,5	-	-	0,5	1,5	0,6	66
Eragrostis rigidior	0,5	0,5	1	-	1	0,5	0,6	83
Tragus berteronianus	1	0,5	0,5	1	-	0,5	0,6	83
Grewia occidentalis	1	-	0,5	0,5	0,5	0,5	0,5	83
Grewia flava	-	0,5	-	-	0,5	1	0,3	50

Tabel 14: Resultate van die perseelopnames van die Combretum apiculatum/
Aristida barbicollis-gemeenskap.
(Samevatting van die gegewens van persele no. 27 - 29 en 31 - 33).

Uit dié tabel is dit duidelik dat Combretum apiculatum met 'n frekwensie van 100 persent verantwoordelik is vir 'n gemiddelde bedekkingspersentasie wat van 50 - 75 persent wissel. Aristida barbicollis is die sub-dominante spesie met 'n gemiddelde persentasie bedekking van 15 persent. Laasgenoemde het ook 'n frekwensie van 100 persent.

Die struikstratum word verteenwoordig deur Dichrostachys cinerea, Grewia occidentalis en Grewia flava.

Ander grasspesies wat in die gemeenskap voorkom, is Oropetium capense, Eragrostis rigidior en Tragus berteronianus. Eersgenoemde is die sub-dominante grasspesie.

HOOFSTUK 3

3.1 EDAFIESE TOESTANDE IN DIE STUDIEGEBIED

Die studie van die verskillende plantgemeenskappe, het aan die lig gebring dat sommige spesies slegs op sekere grondseries voorkom en dat daar 'n duidelike korrelasie bestaan tussen die edafiese toestande en die plantegroei. Vanweë die feit dat beide die fisiese sowel as die fisies-chemiese eienskappe van die bodem 'n besliste invloed op die groei en verspreiding van plante het, is grond en plant eintlik twee aspekte wat nie van mekaar geskei kan word nie.

Volgens Buchman en Brady (1952) moet die essensiële voedings-elemente in grond, in beskikbare vorme en in optimum konsentrasies teenwoordig wees, om normale groei van plante te verseker. Verder moet daar 'n behoorlike balans bestaan tussen die konsentrasies van die verskillende oplosbare voedingstowwe in die grond. Produktiewe gronde beskik oor 'n optimum konsentrasie van al die essensiële voedingselemente, in beskikbare vorme vir die plant. Sulke gronde het ook gunstige eienskappe waarin die gewenste hoeveelheid water en lug, wat nodig is vir normale wortelgroei, teenwoordig is. Sommige gronde se fisiese en chemiese toestande is sodanig, dat die normale wortelgroei nie geïnhibeer word nie (Donahue 1958). Ander gronde weer se struktuur en konsistensie is sodanig dat dit wortelindringing strem. Die groei van plantwortels mag ook beperk word deur die teenwoordigheid van lae wat natuurlik of kunsmatig gekompakteer is. Faktore soos onvrugbare horisone, 'n oormaat grondvog of 'n oormaat oplosbare soute kan aanleiding gee tot bogenoemde verskynsel (Donahue 1958). Die bodem sal dus 'n groot invloed op die groei-vermoë van plante hê. Uit die analitiese data (in addendum II) is dit ook duidelik dat die gronde van die gebied nie juis as onvrugbaar beskryf kan word nie, sodat die fisiese eienskappe soos klei-inhoud, struktuur, konsistensie, ensovoorts, waarskynlik die belangrikste faktore is.

Aangesien die bodem 'n belangrike invloed op die verspreiding van, veral houtagtige spesies in 'ie studiegebied uitoefen, is besluit om, tesame met die plantkundige studie, ook 'n bodemkundige ondersoek uit te voer. Dit was nodig om monsters in die laboratorium te analiseer, vir die klassifikasie en kartering van die gronde. Die gronde is met behulp van lugfoto's gekarteer. Die foto-voorbereidings-prosedure (Harmse 1969) is gevolg. Die studies van die gronde het die volgende ingesluit:

- a) 'n Morfologiese beskrywing van die betrokke horisonne, in die veld;
- b) analise van monsters.



Die kriteria van die Suid-Afrikaanse grondklassifikasiesisteen is gebruik vir die beskrywing en groepering van die gronde (Bodem-opname Personeel, 1970), waarna telkens in die beskrywing van die individuele grondtipes in addendum II verwys sal word.

Figuur 6 is 'n skematiese voorstelling van die pH bereik in meeste van die gronde. Die reaksie van die verskillende horisonne van die verskillende gronde, is volgens hierdie skaal beskryf.

Met die posisie in die landskap as basis, omdat die gronde binne so 'n landvorm, sekere eienskappe en kenmerke in gemeen het is grondseries in verskillende groepe gegroepeer. Dit moet egter beklemtoon word dat die volgende groepering slegs vir die onthalwe van die bespreking van hul eienskappe, kenmerke en verspreiding gemaak is:

- 1. Gronde van die sentrale kleinvlaktes (tabel 15).
- 2. Gronde van die oorgangsone, met goed ontwikkelde strukture (tabel 16).
- 3. Apedale gronde van die tussenstroom-gebiede (tabel 17).
- 4. Gronde van die Krokodilrivier-vallei (tabel 18).

Figuur 6: 'n Skematiese voorstelling van die pH bereik in die grondtipes. (Die reaksie van die verskillende horisonne is volgens hierdie skaal beskryf).



1 — 1 Craven serie
 2 — 2 Dundee serie
 3 — 3 Makatini serie
 4 — 4 Mispah serie
 5 — 5 Rensburg serie

6 — 6 Sarasdale serie
 7 — 7 Shorrocks serie
 8 — 8 Soetmelk serie
 9 — 9 Sterkspruit serie
 10 — 10 Weenen serie

3.1.1 Gronde van die Sentrale Kleivlaktes

Hierdie fisiografiese eenheid kom in die sentrale deel van die studiegebied voor (figuur 8). Gronde wat tipies daarmee geassosieer is, beslaan die grootste gedeelte van die plaas Buisdoorens en 'n deel van Hartbeestkuil (figuur 8). Die Rensburg serie is die belangrikste komponent van hierdie fisiografiese entiteit (tabel 51 - in addendum II).

Hierdie gronde staan in Suid-Afrika bekend as donker kleigronde of vleigronde, alhoewel hul voorkoms nie noodwendig tot vleie beperk is nie. Volgens Dudal (1965) is dié donker kleigronde oor die algemeen ook vrugbaarder as ander gronde van dieselfde klimaatsones. Die hoë waterhouvermoë, wat 'n gevolg is van die hoë inhoud van 2:1 kleimineralen, sowel as die tendens en vermoë om spontaan aan die oppervlakte te verkrummel, is bykomende kenmerke van dié donker kleigronde. Die vorming van krake gee aanleiding tot die ontstaan van kenmerkende mikro-relief, bekend as gilgai. Dié krake, wat hoofsaaklik gedurende die droë seisoen ontstaan, raak opgevul met los materiaal, wat van die oppervlakte na benede stort. As dit daarna weer swel, is die volume van die grondmassa groter as die oorspronklike, sodat 'n deel van die grond opwaarts gedruk word. Op dié wyse ontstaan 'n ongelyk oppervlak wat bekend staan as gilgai.

Die grondklimaat is relatief droog, vanweë die hoë klei-inhoud. Sowel die droë grondklimaat, as die beperkte interne dreinerings, en die klewerigheid van die kleie, dra daartoe by dat hierdie gronde geensins vir akkerbou geskik is nie. As gevolg van die swellende eienskappe, is die grond ook nie geskik vir die konstruksie van huise en paaie sowel as vir beweiding wanneer dit nat is nie.

Die vernaamste kenmerke van die Rensburg serie, en kenmerke

van die landskap waarop dit voorkom, is in tabel 15 saamgevat (sien ook tabel 51 in addendum II).

3.1.2 Gronde van die oorgangsonne met goed ontwikkelde strukture

Die verskillende grondtipes wat in hierdie fisiografiese posisie aangetref word, is geïndividualiseer in karteringseenhede $Re^{1/2} / Lva^{2/4} / Lwa^{1/1} : Lva^{2/4} / Lwa^{1/1} / Re^{1/2}$; $Wo^{1/2} / Lva^{2/4}$ en $Bo^{1/4} / Lva^{2/4}$ (figuur 8).

Hierdie gronde kom voor in 'n gordel wat rondom die sentrale kleivlaktes geleë is (figuur 8). Verder beslaan dit 'n relatief klein oppervlakte in die noord-westelike punt van die studiegebied. Gronde van die Sterkspruitserie kom in die vorm van smal stroke voor, wat uitlopers vorm en in die sentrale kleivlaktes instrek. Hierdie "stroke" kon vanweë die beperkte oppervlakte wat dit beslaan, nie as afsonderlike eenhede gekarteer word nie. Die gebiede wat hierdie grondtipe beslaan, is derhalwe saam met die Rensburg- en Zuiderzee serie, as 'n kompleks gekarteer. Laasgenoemde grondserie se verspreiding is beperk en geen analitiese data is beskikbaar nie.

Gronde wat, in volgorde van dominansie in die karteringseenhede, aangetref is, is die Sterkspruit-, Rensburg-, Weenen-, Zuiderzee- en Sarasdale series. Die Sterkspruit-, Rensburg- en Zuiderzee series kom in die kompleks $Re^{1/2} / Lva^{2/4} / Lwa^{1/1}$ voor. Karteringseenhede $Wo^{1/2} / Lva^{2/4}$ en $Bo^{1/4} / Lva^{2/4}$, waarin die Sterkspruit- en Sarasdale series ook voorkom, is aan die noord-ooste kant van die sentrale kleivlaktes geleë (figuur 8). Die moedermateriaal van die B-horisonne is alluvium en dié van die A-horisonne, is 'n kolluviale nengsel van eoliese sand, wat vermeng is met die verweringsprodukte van graniet. Die epipedons van al die grondseries in dié betrokke fisiografiese entiteit, met uitsondering van die Sterkspruit- en Zuiderzee series is

TABEL 15:

DIE BELANGRIKSTE KENMERKE VAN DIE GRONDE VAN DIE SENTRALE KLEIVLAKTES

SERIE (VORM)	Verspreiding binne die karterings- eenheid	Diagnostiese horisone	*Diepte van solum	Moeder- materiaal	Fisiografiese posisie	STRUKTUUR		REAKSIE		TEKSTUUR		WEERSTAND		Karteringseen- heid waarin die gronde sange- tref is (fig. 8)
						A-horison	G-horison	A-horison	G-horison	A-horison	G-horison	A-horison	G-horison	
Rensburg (Rensburg)	Dominant	<u>Vertiese A1</u> Ferm Gley.	Diep	Kleierige alluvium	Sentrale kleivlakte	Sterk grow- we medium blokstruk- tuur	Growwe medium blokstruk- tuur	Neutraal pH 7,0	Effens tot matig sterk alkalies pH 7,9	Fyn sand klei	Klei	430	390	Re ¹ /2

*Diep: Solum (A + B horison) dieper as 1 meter

donker van kleur en vlakker as 30 cm.

In die geval van die Rensbrug- en Sarasdale gronde dra die droë interne grondklimaat, die beperkte interne-dreinerings sowel as die klewerigheid van die kleie (tabel 16) daartoe by, dat dié gronde nie vir akkerbou doeleindes geskik is nie. Die Weenen- en Sterkspruit series aan die ander kant weer, het prismakutaniëse en pedokutaniëse B-horisonne met goed ontwikkelde medium tot growwe blokstrukture en 'n baie harde konsistensie (tabel 16). Dit stel 'n vorm van meganiëse beperking daar, wat saam met die hoë klei-inhoud, die indringing van die wortels van sommige plantspesies kan inhibeer (Donahue 1958).

Dié gronde is dus oor die algemeen nie geskik vir akkerbou nie. Die belangrikste kenmerke van die grondseries wat in hierdie kategorie val, word in tabel 16 verstrekk (sien ook tabelle no. 50, 52, 56 en 57 in addendum II).

3.1.3 Apedale gronde van die tussenstroom gebiede

Hierdie gebied, met positiewe relief wat die gedeeltes tussen die hoofstrome en episodiese waterbane verteenwoordig, kan in twee fisiografiese entiteite onderverdeel word. Die indeling geskied hoofsaaklik op die basis van die teenwoordigheid van 'n laag eoliese sand en kolluvium op die pedivlakte (aggradasie-fase) of die afwesigheid daarvan (degradasie-fase).

Die degradasie fase van die pedivlakte is essensieel 'n gelykliggende gebied, sonder enige prominente topografiese kenmerke. Diskrete eoliese afsettings is nie hier teenwoordig nie, of dit is deur denudasie verwyder. Die moedermateriaal van die gronde in hierdie fisiografiese entiteit, is hoofsaaklik graniet en kolluvium van granitiese oorsprong. Gevolglik is die gronde vlak met A/C profiele (Mispah serie).

TABEL 16:

DIE BELANGRIKSTE KENMERKE VAN GRONDE, MET GOED - ONTWIKKELDE STRUKTURE, VAN DIE OORGANGSONE

SERIE (VORM)	Verspreiding	Diagnostiese horisonne	*Diepte van solum	Moeder- materiaal	Fisiografiese posisie	STRUKTUUR		REAKSIE		TEKSTUUR		WEERSTAND Ohm : 25°C		Karteringseen- heid waarin die gronde sange- tref is (fig. 8)
						A-horison	B of C-hor.	A-horison	B of C-hor.	A-horison	B of C-hor.	A-horison	B of C-hor.	
Rensburg (Rensburg)	Dominant	<u>Vertiese A1</u> Ferm Gley	Matig diep	<u>Alluvium</u>	Uitlopers van die sentrale kleivlaktes	Growwe hoekige blok- struktuur	(C-horison) Growwe me- dium blok- struktuur	Neutraal pH 7,0	Matig sterk, tot sterk alkaliese pH 8,1	Growwe sand- klei	Fyn sand- klei	310	380	$Re^{1/2} / Lva^{2/4} / Lws^{1/1}$
Sterk- spruit (Sterk- spruit)	Sub- dominant	<u>Ortiese A1</u> Prismeku- taniese B	Diep	Dun lagie kolluvium, afkomstig van gra- niet en eoliese sand wat oor allu- vium ge- transporte- er en af- gesit is.	Oorgang tus- sen die ge- aggradeer- de sentrale kleivlaktes, pedivlaktes en die sentrale kleivlaktes	Struktuur- loos (Ape- daal)	Medium blokstruk- tuur met sterk pris- matiese aan- eenskakeling	Effens suur pH 6,6	Neutraal pH 7,0	Growwe sand- klei- leem	Growwe sand- klei	1 390	1 100	
Saras- dale (Willow- brook)	Ondergeskik	<u>Melaniese A</u> Ferm Gley	Matig diep	Alluvium	Grens aan die geag- gradeerde pedivlaktes, noord van die sentrale kleivlaktes	Medium hoekige blok- struk- tuur	(C-horison) Medium growwe blok- struktuur	Neutraal pH 6,9	(C-horison) Effens tot matig sterk al- kalies pH 7,9	Sand- klei- leem	(C-horison) Sand- leem	550	390	$Wo^{1/2} / Lva^{2/4}$
Weenen (Bon- heim)	Ondergeskik	<u>Melaniese A1</u> Pedokuta- niese B	Matig diep	Kolluviale materiaal afkomstig van 'n meng- sel van eo- liese sand, graniet en basiese stol- lings geste- tes	Geaggradeer- de pedi- v laktes, noord-oos van die sentrale kleivlak- tes	Fyn medium hoekige blok- struktuur	Sterk growwe blok- struktuur	Effens suur pH 6,0	Effens suur pH 6,3	Growwe sand- leem	Growwe sand- klei	1 880	680	$Bo^{1/4} / Lva^{2/4}$
Sterk- spruit (Sterk- spruit)	Ondergeskik	<u>Ortiese A1</u> <u>Prismaku- taniese B</u> C	Diep	Mengsel van alluvium, af- komstig van basiese stol- lingsgestee- tes, en kol- luvium van eoliese en granitiese oorsprong	Geaggradeerde pedivlaktes, omring deur karterings- eenheid $Re^{1/2} /$ $Lva^{2/4}$, noord van die sen- trale klei- vlaktes	Apedaal	Medium prisma- tiese struk- tuur	Effens suur pH 6,0	Effens suur tot neutraal pH 6,8	Growwe sand- klei	Growwe sand- klei	1 610	700	

*Diep: Solum (A + B hor.) dieper as 1 meter

Matig diep: Solum 40 cm. tot 1 meter

Die aggradasie fase van die pedivlakte verskil van die degradasie fase, slegs daarin dat die graniet bedek is deur eoliese sand wat in dikte varieer. Dié teenwoordigheid van sand het 'n belangrike rol gespeel in die grondvormingsproses en dus op die geografiese verspreiding van die verskillende grondtipes. Dit het aanleiding gegee tot die ontstaan van gronde wat grootliks in kernmerke, eienskappe en kwaliteit verskil van dié wat op die degradasie fase van die pedivlaktes teenwoordig is. Gronde van die aggradasie fase is die Shorrocks-, Soetmelk- en Denhere series. Die Soetmelk serie is die dominante komponent van karteringseenheid, waarin die simbool $Av^7/3 / Hu^7/3 (+) / Ms^1/1$ verskyn (figuur 8). Ander komponente in dié karteringseenheid, in volgorde van relatiewe dominansie, is die Shorrocks-, Mispah- en Makatini series. Laasgenoemde grondserie, het 'n beperkte verspreiding en dit kom slegs langs die oostelike grens van die betrokke karteringseenheid voor. Die Mispah serie kom slegs in geïsoleerde gebiede voor, wat effens hoër geleë is, as die omringende aggradasie fase van die pedivlakte. Die karteringseenheid waarin die Mispah serie voorkom, beslaan die grootste gedeelte van die studiegebied, suid-oos van die sentrale kleivlaktes. Dit omring die gronde van 'n groot gedeelte van die degradasie fase, waarin gronde van die Mispah-, Shorrocks- en Denhere series voorkom. Laasgenoemde gronde kom almal in die kompleks $Ms^1/1 / Hu^7/3 (+) / Co^6/3$ voor (figuur 8). Die epipedon van die Mispah serie is op sommige plekke so dun, dat die harde flintiet waarin kwarts en kwartsiet rolstene verkit is, op die oppervlak sigbaar is.

'n Relatief groot gedeelte van die degradasie fase, waarin Mispah gronde die enigste komponent is, is as karteringseenheid $Ms^1/1$ geïndividualiseer (figuur 8).

Gronde wat in relatief goed gedreineerde gedeeltes van die aggradasie fase voorkom, is op grond van hulle morfologie

en chemiese eienskappe, as die Shorrocks (minus variant) geklassifiseer, vanweë die laer klei-inhoud wat wissel van 15 tot 25 persent ($Hu^{7/3}(-)$ in figuur 8). Dié gronde kom suid-wes van die Krokodilrivier voor, waar dit grens aan die gronde van die terasse (figuur 8).

Die belangrikste kenmerke van die grondseries wat in hierdie kategorie val, word in tabel 17 verstrek (sien ook tabelle no. 47, 48 en 53 - 54).

3.1.4 Gronde van die Krokodilrivier-vallei

Die grondtipes wat geassosieer is met die oorstromingsvlaktes en dykwalle van die Krokodilrivier, behoort tot die Dundee-, Weenen- en Rensburg series ($Du / Bo^{1/4} / Re^{1/2}$ - figuur 8). Komponente van hierdie fisiografiese entiteit is in volgorde van hul relatiewe dominansie, die Dundee-, Weenen- en Rensburg serie. Laasgenoemde twee series kom hoofsaaklik vir elemente van die oorstromingsvlaktes voor. Die Dundee serie is die dominante grondserie, wat vanweë die skaal van die kaart, in die dykwal assosiasie ingesluit is (figuur 8). Die moedermateriaal van hierdie serie bestaan hoofsaaklik uit sanderige en kleierige alluvium (tabel 46 in addendum II). Die grondklimaat van die Dundee serie is redelik vogtig en daar is slegs 'n geringe gevaar van plaaterosie. Die verskillende bande sanderige en kleierige detritus, wat tipies geassosieer is met dié tipe alluviale afsettings, sal egter 'n groot invloed op die vloei van water deur die grond hê. Indien benutting van dié grond beoog word, sal dit nodig wees om hierdie bande op te breek, veral as besproeiing toegepas word. Ten spyte van 'n moontlikheid van oorstromings, is dié grond tog redelik geskik vir akkerbou.

Rivierterrasse wat tussen die oorstromingsvlaktes en die pedivlaktes geleë is, word hoofsaaklik gekenmerk deur die

TABEL 17:

DIE BELANGRIKSTE KENMERKE VAN DIE GRONDE VAN DIE DEGRADASIE EN AGGRADASIE FASE VAN DIE PEDIVLAKTE

SERIE (Vorm)	Verspreiding	Diagnostiese horisone	*Diepte van solum	Moeder- materiaal	Fisiografiese posisie	STRUKTUUR		REAKSIE		TEKSTUUR		WEERSTAND 0hm : 25°C		Karteringseen- hede waarin die grond aange- trek is (Fig. 8)
						A-horison	B of C-hor	A-horison	B of C-hor.	A-horison	B of C-hor.	A-horison	B of C-hor.	
Soetmelk (Avalon)	Dominant	<u>Ortiese A1</u> <u>Geel ape-</u> <u>dale B</u> Sagte flin- tied	Matig diep	Sanderige kolluvium	Op die aggra- dasie fase van die pedi- vlakke, suid van die sen- trale klei- vlaktes	Struktuur- loos (Ape- daal)	Struktuur- loos (Ape- daal)	Neutraal tot ef- fens suur pH 6,3	B-horison Neutraal tot ef- fens suur pH 6,1	Growwe sand- leem	(B-horison) Growwe sandklei leem	2 870	1 390	Av ⁷ /3 / Hu ⁷ /3 /Ms ¹ /1;
Shorrocks (+) (Hutton)	Ondergeskik	<u>Ortiese A1</u> Rooi ape- dale B	Diep	Sanderige kolluvium	Op die aggra- dasie fase van die pedivlakke, suidoos van die sentrale kleivlaktes	Apedaal	Apedaal	Effens tot ma- tig suur pH 5,5	(B-horison) Neutraal pH 6,9	Growwe sand- leem	(B-horison) Growwe sandklei- leem	2 510	610	Ms ¹ /1 / Hu ⁷ /3 /Co ⁶ /3 en Ms ¹ /1
Mispah (Mispah)	Skaars	<u>Ortiese A1</u> Harde flin- tied	Vlak	Verwerings- produkte van gra- niet	Op die aggra- dasie fase van die pedivlak- te suid van die sentrale kleivlaktes	Apedaal	(C-horison) Apedaal	Effens suur tot matig sterk suur pH 5,9	(C-horison) Effens suur tot neutraal pH 6,4	Growwe sand- leem	(C-horison) Growwe sandleem	3 780	1 900	
Shorrocks (-) (Hutton)	Dominant	<u>Ortiese A1</u> Rooi ape- dale B	Diep	Kolluviale materiaal	Op die aggra- dasie fase van die pedivlakke, noord-oos van die sentrale kleivlaktes	Apedaal	Apedaal	Matig tot sterk suur pH 5,9	(B-horison) Matig tot sterk suur pH 5,3	Growwe sand- leem	(B-horison) Growwe sandleem	5 500	4 050	Hu ⁷ /3 (-)

*Diep: Solum (A + B horison) dieper as 1 meter

Matig diep: Solum 40 cm. tot 1 meter

Vlak: Solum vlakker as 40 cm.

voorkoms van gruiserige rivierafsettings. Gronde wat op hierdie materiaal ontwikkel het, wat nie as 'n aparte eenheid gekarteer kon word nie, is saam met die gronde van die meer diskrete gedeeltes van die oorstromingsvlaktes, waarin die Rensburg serie die dominante komponent is, gekarteer ($Re^{1/2} / Lwa^{2/1}$ - figuur 8). Die Craven serie is die belangrikste komponent op die terrasse. Die $II B_3$ -horison van hierdie grond is brak as gevolg van die teenwoordig van beide vry natrium- en magnesiumsoute (tabel 45 in addendum II).

Die belangrikste kenmerke van die gronde van hierdie kategorie, word in tabel 18 verstrekk (sien ook tabelle no. 45, 46 en 49 in addendum II).

TABEL 18:

DIE BELANGRIKSTE KENMERKE VAN DIE GRONDE VAN DIE KROKODILRIVIER - VALLEI

TERRASGRONDE MET ORTIESE OF VERTIESE EPIPENDONS

SERIE (VORM)	Verspreiding binne die karterings- eenheid	Diagnostiese horisone	*Diepte van solum	Moeder- materiaal	Fisiografiese posisie	STRUKTUUR		REAKSIE		TEKSTUUR		WEERSTAND Ohm : 25°C		Karteringseenheid waarin hierdie gronde aangetref is (Figuur 8)
						A-horison	B of C-hor.	A-horison	B of C-hor.	A-horison	B of C-hor.	A-horison	B of C-hor.	
Rensburg (Rensburg)	Ondergeskik	Vertiese A1 Ferm Gley	Matig diep	Kleierige alluvium	Vloedvlakte op die suide- like oewer van die Kro- kodilrivier	Sterk growwe medium blok- struktuur	Medium growwe blok- struk- tuur	Neutraal pH 7,0	(C-horison) Neutraal tot matig sterk alkalies pH 7,9	Klei	(C-horison) Klei	310	(G-horison) 390	Re ^{1/2} / Lwe ^{2/1}
Craven (Vatsrivier)	Dominant	Ortiese A1 Pedokuta- niese B	Matig diep	Gruiserige terres- materiaal	Op die noorde- like grens van die gegra- deerde pedi- vlakte, op die suidelike oewer van die Krokodilrivier	Struktuur- loos (Apedaal)	Sterk ont- wikkelde medium blok- struktuur met geoge- niese vlek- ke en promi- nente kutans	Effens suur pH 6,2	(B-horison) Effens alkalies pH 7,4	Growwe sand- klei- leem	(B-horison) klei	800	(B-horison) 300	

50

ALLUVIALE GRONDE VAN DIE DYKWAL EN OORSTROMINGSVLAKTE VAN DIE KROKODILRIVIER

SERIE (VORM)	Verspreiding binne die karterings- eenheid	Diagnostiese horisone	*Diepte van solum	Moeder- materiaal	Fisiografiese posisie	STRUKTUUR		REAKSIE		TEKSTUUR		WEERSTAND Ohm : 25°C		Karteringseenheid waarin hierdie gronde aangetref is (Figuur 8)
						A-horison	B of C-hor.	A-horison	B of C-hor.	A-horison	B of C-hor.	A-horison	B of C-hor.	
Dundee (Dundee)	Dominant	Ortiese A1 Gestratifi- seerde allu- vium	Diep	Sanderige alluvium	Die dykwalle op die suide- like oewer van die Krokodil- rivier	Struktuur- loos (Apedaal)	(C-horison) Sedimen- têre struk- tuur	Effens tot matig sterk al- kalies pH 7,7	Neutraal tot ef- fens al- kalies pH 7,0-7,6	Klei- leem	(C-horison) Klei- sand- leem	510	(C-horison) 410	Du/Bo ^{1/4} / Re ^{1/2}
Weenen (Bonheim)	Ondergeskik	Melaniese A1 (pedokuta- niese B)	Diep	Kleierige alluvium	Tussen die vloedvlakte en die dyk- wal van die Krokodil- rivier	Fynhoekige blokstruk- tuur	Sterk growwe blok- struktuur	Effens suur pH 6,2	Effens suur tot neutraal pH 6,2	Growwe sand- klei- leem	(B-horison) Growwe sand- klei	1 120	(B-horison) 1 010	
Rensburg (Rensburg)	Ondergeskik	Vertiese A1 Ferm Gley	Matig diep	Kleierige alluvium	Die vloed- vlakte van die suidelike oewer van die Krokodilrivier	Sterk growwe medium blok- struktuur	(C-horison) medium growwe blok- struktuur	Neutraal pH 7,0	(C-horison) Neutraal tot matig sterk alka- lies pH 7,9	Klei	(C-horison) klei	310	(G-horison) 390	

*Diep: Solum (A + B horison) dieper as 1 meter
Matig diep: Solum 40 cm tot 1 meter

3.2 Die verband tussen plantgemeenskappe en bodemtoestande:

Nadat die verspreiding van die verskillende plantgemeenskappe en grondseries respektiewelik bepaal is, kon die verband tussen bodemtoestande en verspreiding van plantgemeenskappe, aangedui word. Die verspreiding van die verskillende plantgemeenskappe op die onderskeie bodemtipes word in tabel 19 aangedui. Die verspreiding van die individuele spesies op die verskillende bodemtipes, word in tabel 20 en figuur 9 aangedui.

Uit tabelle 19 en 20 en figuur 9 kan onder andere die volgende afleidings in verband met die plant-bodem korrelasie(s) gemaak word:

- (i) Elkeen van die verskillende plantgemeenskappe kom oor die algemeen op 'n ander bodemtype voor (tabel 19).
- (ii) Die grense van die plantgemeenskappe stem in hooftrekke ooreen met dié van die onderskeie bodemtipes (figure 7 en 8).
- (iii) Die houtagtige spesies toon 'n wye verdraagsaamheid teenoor bodemtoestande. Sommige spesies is tot een of twee bodemtipes beperk, terwyl ander weer feitlik op al die bodemtipes voorkom (tabel 20 en figuur 9). Die volgende korrelasies is byvoorbeeld duidelik uit tabel 20 en figuur 9.

A. Houtagtige spesies:

Bome

Spesies	Bodemtipes (Grondseries)
<u>Acacia grandicornuta</u>	Sarasdale
<u>Acacia karroo</u>	Craven en Dundee
<u>Acacia nigrescens</u>	Soetmelk
<u>Acacia tenuispina</u>	Rensburg
<u>Combretum apiculatum</u>	Mispah en Soetmelk
<u>Dombeya rotundifolia</u>	Soetmelk en Shorrocks (+)

<u>Peltophorum africanum</u>	Soetmelk en Shorrocks (+)
<u>Rhus pyroides</u>	Dundee
<u>Sclerocarya caffra</u>	Soetmelk
<u>Terminalia sericea</u>	Denhere

Struike:

Spesies:	Bodemtipes (Grondseries)
<u>Diospyros mespiliformis</u> ...	Dundee
<u>Grewia monticola</u>	Shorrocks (+) en Soetmelk
<u>Maytenus tenuispina</u>	Shorrocks (+) en Soetmelk
<u>Ximenia americana</u>	Shorrocks (+) en Soetmelk

B. Grasse:

Spesies:	Bodemtipes (Grondseries)
<u>Aristida stipitata</u>	Shorrocks en Soetmelk
<u>Cymbopogon plurinodus</u>	Weenen
<u>Enneapogon scoparius</u>	Shorrocks en Weenen
<u>Panicum maximum</u>	Dundee en Weenen
<u>Rhynchelytrum repens</u>	Shorrocks en Soetmelk

- (iv) Baie min groot bome kom in die Acacia tenuispina/Chloris virgata-gemeenskap van die sentrale kleivlaktes voor (figuur 3).
- (v) By die gedeelte van die Acacia erubescens/Grewia flava-gemeenskap, wat op die Weenen serie, 'n komponent van die oorgang-sone, voorkom, word Acacia erubescens in 'n verdwergde vorm aangetref (figuur 4). In teenstelling hiermee is die individue van dié boomspesie wat op die Makatini- en die Shorrocks (+ en -) series voorkom, relatief hoog.

Die plant-bodem assosiasie kom duidelik na vore wanneer die verspreiding van plantgemeenskappe met dié van die bodemtipes vergelyk word (figure 7 en 8).


TABEL 19:

DIE PLANTGEMEENSKAPPE EN DIE BODEMTIPES WAAROP DIT VOORKOM

Plantgemeenskap	Kenmerkende plantspesies			Grondassosiasies waarop die betrokke plantgemeenskappe voorkom
	Bome	Struike	Grasse	
<u>Acacia tenuispina/Chloris virgata-gemeenskap</u>	<u>Acacia tenuispina</u> <u>Acacia tortilis</u>	Geen	<u>Chloris virgata</u> <u>Digitaria pentzii</u> <u>Aristida barbicollis</u>	Rensburg serie
<u>Acacia tortilis/Acacia tenuispina-gemeenskap</u>	<u>Acacia tortilis</u> <u>Acacia tenuispina</u>	Geen	<u>Chloris virgata</u> <u>Aristida barbicollis</u> <u>Urochloa mosambicensis</u>	Rensburg-, Sterkspruit-, en Zuiderzee series
<u>Acacia tortilis/Acacia erubescens-gemeenskap</u>	<u>Acacia tortilis</u> <u>Acacia erubescens</u>	<u>Grewia flava</u>	<u>Aristida barbicollis</u> <u>Tragus berteronianus</u>	Sterkspruit-, Zuiderzee-Rensburg- en Weenen series
<u>Dichrostachys cinerea/Eragrostis rigidior-gemeenskap</u>	<u>Acacia erubescens</u> <u>Acacia tortilis</u>	<u>Dichrostachys cinerea</u> <u>Grewia monticola</u>	<u>Eragrostis rigidior</u> <u>Tragus berteronianus</u> <u>Aristida barbicollis</u>	Soetmelk-, Shorrocks-, en Mispah series
<u>Acacia erubescens/Aristida barbicollis-gemeenskap</u>	<u>Acacia erubescens</u> <u>Acacia tortilis</u>	<u>Grewia flava</u> <u>Dichrostachys cinerea</u>	<u>Aristida barbicollis</u> <u>Tragus berteronianus</u> <u>Eragrostis rigidior</u>	Soetmelk-, Shorrocks-, Mispah-, Makatini-, Weenen- en Sterkspruit series
<u>Gemengde Acacia- en Breeblaar-boomgemeenskap</u>	<u>Acacia erubescens</u> <u>Combretum apiculatum</u> <u>Peltophorum africanum</u> <u>Terminalia sericea</u>	<u>Dichrostachys cinerea</u> <u>Grewia monticola</u>	<u>Aristida barbicollis</u> <u>Eragrostis rigidior</u>	Mispah-, Shorrocks-, Soetmelk-, en Denhere series
<u>Acacia tortilis/Eragrostis rigidior-gemeenskap</u>	<u>Acacia tortilis</u> <u>Acacia karroo</u>	<u>Grewia flava</u>	<u>Eragrostis rigidior</u> <u>Chloris virgata</u> <u>Aristida barbicollis</u>	Craven-, Rensburg-, Dundee- en Weenen series
<u>Acacia karroo/Panicum maximum-gemeenskap</u>	<u>Acacia karroo</u> <u>Ziziphus mucronata</u>	Geen	<u>Panicum maximum</u>	Dundee-, Weenen- en Rensburg series
<u>Acacia erubescens/Grewia flava-gemeenskap</u>	<u>Acacia erubescens</u> <u>Acacia tortilis</u>	<u>Grewia flava</u>	<u>Aristida barbicollis</u> <u>Eragrostis rigidior</u>	Shorrocks-, Weenen- en Sterkspruit series
<u>Acacia grandicornuta/Chloris virgata-gemeenskap</u>	<u>Acacia grandicornuta</u> <u>Acacia mellifera</u>	Geen	<u>Chloris virgata</u> <u>Aristida barbicollis</u>	Sarasdale- en Sterkspruit series
<u>Combretum apiculatum/Aristida barbicollis-gemeenskap</u>	<u>Combretum apiculatum</u>	<u>Dichrostachys cinerea</u> <u>Grewia occidentalis</u>	<u>Aristida barbicollis</u> <u>Oropetium capense</u>	Mispah series

FIGUUR 7


PLANTEGROEIKAART VAN 'N GEBIED SUID VAN DIE KROKODILRIVIER






PLANTEGROEIKAART VAN 'N GEBIED ZUID VAN DIE KROKODILBIVIER

BODEMKAART VAN 'N GEBIED SUID VAN DIE KROKODILRIVIER



Tabel 20: 'N ALFABETIESE LYS VAN DIE SPESIES EN DIE BODEMTIPES WAAROP HULLE VOORKOM

S P E S I E S	B O D E M T I P E S (G R O N D S E R I E S)										
	Cra- ven	Den- here	Dun- dee	Maka- tini	Mis- pah	Rens- burg	Saras- dale	Shorrocks + -	Soet- melk	Sterk- spruit	Weenen
BOME:											
Acacia erubescens	*	*		*				*	*	*	*
Acacia giraffae				*				*	*	*	
Acacia grandicornuta							*				
Acacia karroo	*		*								
Acacia mellifera						*	*		*	*	*
Acacia nigrescens									*		
Acacia tenuispina						*					
Acacia tortilis	*			*		*	*	*	*	*	*
Boscia albitrunca	*			*				*	*	*	
Combretum apiculatum					*				*		
Dombeya rotundifolia								*	*		
Peltophorum africanum								*	*		
Rhus pyroides			*								
Sclerocarya caffra									*		
Terminalia sericea		*									
Ziziphus mucronata	*		*	*				*			*
STRUIKE:											
Commiphora schimperi									*		*
Dichrostachys cinerea	*	*		*	*			*	*	*	*
Diospyros mespiliformis			*								
Ehretia rigida	*			*				*	*	*	
Grewia flava	*	*		*				*	*	*	*
Grewia monticola								*	*	*	
Grewia occidentalis				*	*			*	*	*	
Maytenus tenuispina								*	*	*	
Ximenia americana								*	*	*	
GRASSE:											
Aristida adscensionis			*	*	*	*		*	*	*	*
Aristida barbicollis	*			*	*	*	*	*	*	*	*
Aristida stipitata								*	*	*	*
Chloris virgata	*			*	*	*	*	*	*	*	*
Cymbopogon plurinodus											*
Digitaria pentzii						*		*	*	*	*
Enneapogon scoparius								*	*		*
Eragrostis atherstonei	*		*	*	*			*	*	*	*
Eragrostis rigidior	*			*	*			*	*	*	*
Panicum coloratum				*	*	*		*	*	*	*
Panicum maximum			*								*
Rhynchelytrum repens								*	*	*	
Schmidtia pappophoroides				*	*			*	*	*	*
Tragus berteronianus				*	*	*	*	*	*	*	*
Urochloa mosambicensis	*					*	*	*	*	*	*
Oropetium capense				*	*			*	*	*	



van die persele grafies voorgestel. Uit dié figuur is dit duidelik dat perseel 11 die hoogste persentasie grasbedekking, naamlik 6,0 persent het. Perseel 12 het die tweede hoogste persentasie grasbedekking terwyl persele 9 en 10 se grasbedekking ook hoër is as dié van die ander. Perseel 3 het die laagste persentasie grasbedekking naamlik 2,4 persent. Die gemiddelde grasbedekking vir al twaalf persele, is maar 3,8 persent (figuur 19). Hierdie waarde is dus baie laer as die halmbedekking soos in hoofstuk 2.2.2 genoem.

Ander grasspesies wat nie in die opname verteenwoordig is nie, maar wat wel op die persele voorkom, is Chloris virgata, Stipagrostis uniplumis, Cenchrus ciliaris en Heteropogon contortus.

Figuur 19: Die grasbedekking van die 12 studiepersele



HOOFSTUK 5


DIE VERSPREIDING VAN GRASSPESIES ONDER KRUINE VAN ACACIA ERUBESCENS, ACACIA TORTILIS EN BOSCIA ALBITRUNCA

Tydens die wiewegstudies is opgemerk dat die grasbedekking onder en direk buite die boomkruine, opvallend van die grasbedekking in die oop dele verskil. Derhalwe is besluit om 'n aantal strookperseelopnames uit te voer, om die floristiese samestelling en die digtheid van die grasbedekking onder die drie belangrikste boomsoorte te ondersoek.

5.1 Algemene oorsig en studiemetode

Strookperseelopnames is onder geskikte Acacia erubescens, Acacia tortilis en Boscia albitrunca individue uitgevoer. Slegs bome wat 'n kruindeursnee van ongeveer 4 meter gehad het, en wat betreklik geïsoleerd gestaan het, is vir die studie gebruik. Slegs 20 Acacia erubescens, 10 Acacia tortilis en 5 Boscia albitrunca individue kon op die persele gevind word, wat aan die bogenoemde vereistes voldoen het.

Daar is vooraf besluit om onder elke boom 'n strookperseel van 1 by 6 meter te gebruik. Die persele is in 'n noord-suid rigting geplaas. Elke strookperseel van 1 by 6 meter is in kleiner perseeltjies van 1 by 1 meter onderverdeel, en is só uitgelê, dat 3 van die 1 by 1 meter perseeltjies noord en 3 suid van die stam, geleë was. Twee van die drie perseeltjies aan elke kant van die stam, was gevolglik direk onder die kruin, terwyl die derde direk buite die kruinrand geleë was, en dus nog in 'n mate aan kruininloed onderworpe was (figuur 20). Die 1 by 1 meter perseeltjies was gerieflikheidshalwe soos volg genummer: N1, die perseeltjie direk noord van die stam; N2, die tweede perseeltjie en N3 die derde perseeltjie noord van die stam. Die perseeltjies suid van die stam was op dieselfde wyse S1, S2 en S3 genummer. Gerieflikheidshalwe sal na N1 en S1 as die binne



Figuur 20: Uitleg van strookperseel:
 N1 en S1 = binneste sone
 N2 en S2 = middelste sone
 N3 en S3 = buitenste sone

sones, na N2 en S2 as die middelste sones en na N3 en S3 as die buitenste sones verwys word.

In elk van die 1 by 1 meter perseeltjies, is 'n inventaris van die teenwoordige spesies opgestel. Daarna is die aantal individue van elke spesie afsonderlik getel en aangeteken.

5.2 Resultate

Die resultate van die ondersoek word in tabel 37 aangedui: Die volgende grasspesies (tabel 37) is in hierdie strookpersele aangetref:

1. Aristida adscensionis
2. Aristida barbicollis
3. Aristida stipitata
4. Enneapogon scoparius
5. Eragrostis atherstonei
6. Eragrostis biflora
7. Eragrostis lehmanniana
8. Eragrostis rigidior
9. Oropetium capense
10. Panicum coloratum
11. Panicum maximum
12. Schmidtia pappophoroides
13. Tragus berteronianus

Uit die opname was dit duidelik dat die verspreiding van bogenoemde grasspesies onder die boomkruine opvallend onreëlmatig was. Die Aristida-spesies het byvoorbeeld hoofsaaklik op die buitesones, (dit is N3 en S3) voorgekom, terwyl andere weer hoofsaaklik onder die boomkruine voorgekom het. Die verspreiding van die verskillende spesies in die verskillende sones onder die drie boomsoorte, word in tabel 37 aangedui.

Uit tabel 37 is dit duidelik dat Aristida barbicollis die dominante

[illegible][illegible]

spesie onder al drie boomspesies is, terwyl spesies soos Eragrostis lehmanniana, Oropetium capense, Aristida adscensionis, Aristida stipitata en Enneapogon scoparius baie selde voorkom. Eragrostis biflora en Oropetium capense was feitlik deurgaans afwesig onder Acacia tortilis en Boscia albitrunca.


Die verspreiding van die Panicum-, Eragrostis- en Aristida spesies onder die bome word grafies in figure 21 - 29 voorgestel. Die floristiese samestelling van die grasbedekking onder die bome verskil nie opvallend van die van die oop dele nie. Die digtheid en frekwensie verskil egter opvallend. Panicum maximum kom egter ook hoofsaaklik net onder die bome voor en is feitlik afwesig buite die kruine. Uit tabelle 35 en 37 is dit duidelik dat daar gemiddeld 6 spesies per strookperseel voorkom.

Dit moet egter beklemtoon word, dat hierdie opnames slegs onder 'n beperkte aantal bome uitgevoer is en dat hierdie bome nie noodwendig verteenwoordigend mag wees nie, daar hulle almal min of meer ewe groot was en relatief alleen gestaan het.


Uit tabel 37 en figure 21 - 29 kan die volgende algemene afleidings in verband met die verspreiding van die onderskeie grasspesies onder bome gemaak word:

1. Panicum-spesies


Die verspreiding van Panicum-spesies onder Acacia erubescens, Acacia tortilis en Boscia albitrunca individue, volg deurgaans dieselfde basiese patroon. Onder die kruine is die Panicum-stand geweldig hoog, maar dit neem opvallend af na buite. Dit was ook duidelik dat die hoogste digtheid in die S1, S2 en N1 sones voorgekom het. Oor die algemeen was die digtheid van Panicum ook relatief hoër in die suidelike sones as in die noordelike sones (Sien figure 21 - 23). Hierdie verskynsel het ^{na} alle waarskynlikheid te doen met die skaduwee-effek van die boom; dus indirek ook die vog en temperatuur faktor.




Figuur 21: Verspreiding van *Panicum*-spesies onder *Acacia erubescens* individue.




Figuur 22: Verspreiding van Panicum-spesies onder Acacia tortilis individue.




Figuur 23: Verspreiding van Panicum-spesies onder Boscia albitrunca individue.




Figuur 24: Verspreiding van *Eragrostis*-spesies onder *Acacia erubescens* individue.




Figuur 25: Verspreiding van *Eragrostis*-spesies onder *Acacia tortilis* individue




Figuur 26: Verspreiding van *Eragrostis*-spesies onder *Boscia albitrunca* individue.



Figuur 27: Verspreiding van Aristida-spesies onder Acacia erubescens individue.



Figuur 28: Verspreiding van Aristida-spesies onder Acacia tortilis individue



Figuur 29: Verspreiding van Aristida-spesies onder Boscia albitrunca individue.

2. Eragrostis-spesies

Die verspreidingspatroon van dié grasspesies was ook deurgaans baie eenders onder Acacia erubescens, Acacia tortilis en Boscia albitrunca. Die verspreiding van Eragrostis biflora het egter opvallend verskil. Hierdié spesie het die hoogste digtheid in die N1 sone (figuur 23). Die digtheid van die Eragrostis spesies was die hoogste in die S2 sone (sien figure 24 - 26). Die Eragrostis-stand in die suidelike sones was oor die algemeen hoër as in die noordelike sones. Die skaduwee-effek het waarskynlik ook verband hiermee.

3. Aristida-spesies

Die verspreidingspatroon van die Aristida-spesies was ook deurgaans baie eenders onder die drie boomsoorte. Die aantal Aristida stipitata en Aristida adscensionis individue per vierkante meter was onder al drie die boomspesies, relatief laag (sien figure 27 - 29). Dit was ook duidelik dat die hoogste digtheid op die buitenste sones, naamlik die N3 en S3 sones, voorgekom het. Aristida barbicollis het die hoogste digtheid onder die boomspesies gehad.

5.3 Statistiese verwerking van gegewens deur middel van die Meervoudige Variansie-analise

Die resultate van die opname onder Acacia erubescens is deur middel van 'n meervoudige variansie-analise verwerk. Die analise was slegs gebaseer op aantal individue en beperk tot die opname onder Acacia erubescens, aangesien daar nie voldoende opnames vir 'n variansie-analise onder Acacia tortilis en Boscia albitrunca uitgevoer was nie.

Die verteenwoordiging (aantal individue) van die Panicum-Aristida- en Eragrostis-spesies in die verskillende sones word in tabel 38 aangedui. (Let wel dat daar nie onderskeid gemaak word tussen die verskillende spesies van Genera nie). Die analise word dus gedoen

Tabel 38:

Die verspreiding van die Panicum-, Eragrostis- en Aristida- individue
in die verskillende sones onder die 20 Acacia Erybescens bome

Replikate	Totale aantal Panicum individue						Totale aantal Aristida individue						Totale aantal Eragrostis individue					
	S O N E S						S O N E S						S O N E S					
	N1	N2	N3	S1	S2	S3	N1	N2	N3	S1	S2	S3	N1	N2	N3	S1	S2	S3
1	0	0	0	13	20	0	0	10	5	0	1	5	10	5	2	0	0	2
2	0	0	0	5	13	5	0	5	14	1	1	2	5	1	0	6	1	3
3	9	4	1	5	1	0	0	3	6	0	3	13	0	0	0	0	1	1
4	7	3	0	12	10	18	0	3	12	0	0	0	0	0	0	0	2	0
5	0	1	0	1	0	0	2	9	26	0	5	9	0	0	0	0	5	3
6	3	0	0	9	0	0	1	2	1	0	1	2	0	0	0	0	1	1
7	0	0	0	0	0	0	0	1	7	0	0	6	0	0	0	0	6	0
8	0	0	0	1	0	0	0	6	11	2	3	11	0	0	0	0	0	0
9	5	11	1	0	1	0	0	1	2	5	5	3	1	0	0	3	2	6
10	8	9	0	1	0	0	0	1	4	1	8	4	0	0	0	1	2	5
11	0	0	0	0	0	0	9	12	10	12	3	2	1	4	0	1	5	5
12	3	0	0	8	2	0	2	11	6	0	0	5	2	0	0	0	0	3
13	1	0	0	15	4	0	0	5	7	0	2	1	11	4	0	0	1	3
14	0	0	0	0	0	0	1	8	13	1	3	8	0	0	0	3	2	3
15	0	0	0	0	0	0	1	5	13	1	2	2	2	0	0	6	4	6
16	0	0	0	0	0	0	5	9	11	1	12	11	0	2	3	9	4	2
17	0	0	0	0	0	0	2	13	0	6	13	13	0	0	0	0	3	0
18	0	0	0	4	13	7	0	0	1	0	0	1	0	0	1	0	0	1
19	0	0	0	7	5	0	4	4	9	0	1	2	1	2	0	2	5	3
20	0	0	0	0	0	0	1	8	9	0	0	5	3	1	0	4	0	0

Tabel 39:

Verteenwoordiging van die 3 genera in die onderskeie
sones van die 20 replikate, soos getabuleer vir die meer-
voudige variansie-analise

	Repl.	1	2	3	4	5	6	7	8	9	10	11	12	13	14	15	16	17	18	19	20	
Spesies	Sone	Aantal individue van die betrokke grasspesies																				To- taal
<u>Panicum-</u> <u>Spesies</u>	N3	0	0	1	0	0	0	0	0	1	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	2
	N2	0	0	4	3	1	0	0	0	11	9	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	28
	N1	0	0	9	7	0	3	0	0	5	8	0	3	1	0	0	0	0	0	0	0	36
	S1	13	5	5	12	1	9	0	1	0	1	0	8	15	0	0	0	0	4	7	0	81
	S2	20	13	1	10	0	0	0	0	1	0	0	2	4	0	0	0	0	13	5	0	69
	S3	0	5	0	18	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	7	0	0	30
<u>Aristida</u> <u>Spesies</u>	N3	5	14	6	12	26	1	7	11	2	4	10	6	7	13	13	11	0	1	9	9	167
	N2	10	5	3	3	9	2	1	6	1	1	12	11	5	8	5	9	13	0	4	8	116
	N1	0	0	0	0	2	1	0	0	0	0	9	2	0	1	1	5	2	0	4	1	28
	S1	0	1	0	0	0	0	0	2	5	1	12	0	0	1	1	1	6	0	0	0	30
	S2	1	1	3	0	5	1	0	3	5	8	3	0	2	3	2	12	13	0	1	0	63
	S3	5	2	13	0	9	2	6	11	3	4	2	5	1	8	2	11	13	1	2	5	105
<u>Eragrostis-</u> <u>Spesies</u>	N3	2	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	2	3	0	1	0	0	8
	N2	5	1	0	0	0	0	0	0	0	0	4	0	4	0	0	2	0	0	2	1	19
	N1	10	5	0	0	0	0	0	0	1	0	1	2	11	0	0	0	0	0	1	3	34
	S1	0	6	0	0	0	0	0	0	3	1	1	0	0	3	6	9	0	0	2	4	35
	S2	0	1	1	2	5	1	6	0	2	2	5	0	1	2	4	4	3	0	5	0	44
	S3	2	3	1	0	3	1	0	0	6	5	5	3	3	3	6	2	0	1	3	0	47
TOTAAL		73	62	47	67	61	21	20	34	46	44	64	42	54	42	42	69	50	28	45	31	942

Tabel 40: Die totale aantal individue van die betrokke spesies van elke sone vir die 20 replikate

Panicum-Spesies							
	N1	N2	N3	S1	S2	S3	TOTAAL
<u>P. maximum</u>	31	10	0	53	12	2	108
<u>P. coloratum</u>	5	18	2	28	57	38	138
TOTAAL	36	28	2	81	69	30	246

Aristida-Spesies							
	N1	N2	N3	S1	S2	S3	TOTAAL
<u>A. barbicollis</u>	19	106	156	17	53	103	454
<u>A. stipitata</u>	3	6	11	7	1	0	28
<u>A. adscensionis</u>	6	5	0	6	9	1	27
TOTAAL	28	117	167	30	63	104	509

Eragrostis - Spesies							
	N1	N2	N3	S1	S2	S3	TOTAAL
<u>E. rigidior</u>	2	2	2	11	27	31	75
<u>E. lehmanniana</u>	1	0	1	0	4	2	8
<u>E. atherstonei</u>	3	9	3	9	13	14	51
<u>E. biflora</u>	30	8	0	15	0	0	53
TOTAAL	36	19	6	35	44	47	187

Totale aantal	N1	N2	N3	S1	S2	S3	
individue van die	100	164	175	146	176	181	
3 spesie-groepe							
in die onderskeie							
sones							

ten opsigte van die Panicum-spesies, die Aristida-spesies en Eragrostis-spesies (Tabel 39 en 40).

By die bespreking van die resultate sal die term "waarde" gebruik word om die aantal individue per oppervlakte eenheid, met ander woorde die digtheid, aan te dui.

Die meervoudige variansie-analise is as volg gedoen:

Meervoudige variansie-analise. (2-faktor-onderzoek). Berekenings-prosedure volgens die masjienmetode.

1. Die som van alle items 942
2. Korreksie term: $\frac{(942)^2}{360} = \frac{887\,364}{360}$
 $= 2\,464,9$
3. Totale som van kwadrate:
 $8\,217,0 - 2\,464,9 = 5\,752,1$
4. Som van kwadrate vir behandelings (Sones en spesies en hulle wisselwerking):
 $\frac{79\,280}{20} - 2\,464,9 = 3\,964 - 2\,464,9$
 $= 1\,499,1$
5. Som van kwadrate vir replikate:
 $= \frac{48\,976}{18} - 2\,464,9$
 $= 2\,720,8 - 2\,464,9$
 $= 255,9$
6. Som van kwadrate vir fout:

Totale som van kwadrate

5 752,1

Som van kwadrate vir behandelings + replikate (1 499,1 + 255,9)

=

1 755,0

Som van kwadrate vir fout

3 997,1

SONE	N3	N2	N1	S1	S2	S3	TOTAAL
SPESIES							
<u>Panicum-spp.</u>	2	28	36	81	69	30	246
<u>Aristida-spp.</u>	167	116	28	30	63	105	509
<u>Eragrostis-spp.</u>	8	19	34	35	44	47	187
TOTAAL	177	163	98	146	176	182	942

(Wisselwerkingtabel)

Som van kwadrate vir spesies:

$$\frac{354\ 566}{120} - 2\ 464,9 = 2\ 954,7 - 2\ 464,9$$

$$= 489,8$$

Som van kwadrate vir sone:

$$\frac{152\ 918}{60} - 2\ 464,9 = 2\ 548,6 - 2\ 464,9$$

$$= 83,7$$

Som van kwadrate vir wisselwerking:

$$1\ 499,1 - (489,8 + 83,7) = 1\ 499,1 - 573,5$$

$$= 925,6$$

Die valensie vir wisselwerking word verkry deur die aantal spesie-groepe minus 1, met die aantal sones per replikaat minus 1, te vermenigvuldig.

Tabel 41: Variansie Analise

Komponente	Valensie	Som van kwadrate	Gemiddelde kwadraat	F	P
Replikate	19	255,9	13,47	1,089	>0,05
Spesies	2	489,8	244,90	19,798**	>0,01
Sones	5	83,7	16,74	1,353	>0,05
Wisselwerking	10	925,6	92,56	7,483**	>0,01
Fout	323	3 997,1	12,37		
TOTAAL	359	5 752,1	** Hoogsbetekenisvol		

Uit tabel 41 is dit duidelik dat die komponente, replikate en sonas, nie-betekenisvol verskil nie, terwyl die komponente spesies en die wisselwerking tussen spesies en sonas, hoogsbetekenisvolle verskille toon.

By die finale vergelykings, word die volgende in ag geneem: By die onderlinge vergelyking van die gemiddeldes van die 18 verskillende behandelings, (spesies en sonas), word die gemiddelde kwadraat vir die fout, deur 20, (d.w.s. die aantal replikate) gedeel.

Dus:

K.B.V., (Kleinste betekenisvolle verskil) vir alle behandelings:

$$\begin{aligned}
 & (\sqrt{2} \times t) \times \sqrt{\frac{12,37}{20}} \\
 = & 2,783 \times 0,618 \\
 = & 1,72 \text{ (Vir } P = 0,05) \\
 = & 3,666 \times 0,618 \\
 = & 2,27 \text{ (Vir } P = 0,01)
 \end{aligned}$$

By die onderlinge vergelyking van die gemiddeldes vir spesies, word die gemiddelde kwadraat vir fout deur 120 gedeel, omdat die gemiddeld vir elke spesie-groep uit die aantal van 120 1 - 1 meter perseeltjies bereken is.

Dus:

$$\begin{aligned}
 \text{K.B.V. (vir spesies)} &= (\sqrt{2} \times t) \times \sqrt{\frac{12,37}{120}} \\
 &= 2,783 \times 0,1015 \\
 &= 2,82 \text{ (Vir } P = 0,05)
 \end{aligned}$$

By die berekening van die K.B.V. vir sones, word die gemiddelde kwadraat kwadraat vir fout, deur 60 gedeel, omdat elke gemiddeld in hierdie geval, uit die aantal van 60, 1 - 1 meter perseeltjies bereken is.

Dus:

$$\begin{aligned}
 \text{K.B.V. (vir sones)} &= (\sqrt{2} \times t) \times \sqrt{\frac{12,37}{60}} \\
 &= 2,783 \times 0,1435 \\
 &= 3,99 \text{ (Vir } P = 0,05)
 \end{aligned}$$

Die 3 stelle gegewens wat in tabelle 41 - 43 aangegee word, is die eindwaardes van die analise.

Tabel 42: WAARDES WAARMEE DIE EFFEK VAN BEHANDELINGS
(SPESIES EN SONES) AANGEDUI WORD

Spesie-groep	Sone	Die som totaal van die individue van die onderskeie spe- sies, vir 20, 1-1 meter perseeltjies	As persentasie van die gemiddeld vir die totale aantal individue van al 3 die grasspesies in die afsonderlike sones
<u>Panicum</u> spp.	N3	2	3,8
	N2	28	53,5
	N1	36	68,8
	S1	81	154,9
	S2	69	131,9
	S3	30	57,3
<u>Aristida</u> spp.	N3	167	319,3
	N2	117	223,7
	N1	28	53,5
	S1	30	57,4
	S2	63	120,5
	S3	104	198,9
<u>Eragrostis</u> spp.	N3	6	11,5
	N2	19	36,3
	N1	36	68,8
	S1	35	66,9
	S2	44	84,1
	S3	47	89,9
Gemiddeld:		52,3	100,0
Betekenisvolle verskil (P = 0,05)		34,4	65,7

(Verskille groter as 65,6 word as betekenisvol beskou)

5.4 Resultate en gevolgtrekkings

1. Die Panicum-spesies

Die waarde (digtheid) van die Panicum-spesies in die S1 en S2 sonas, was betekenisvol hoër as by die N1, N2, N3 en S3 sonas, terwyl die waarde van die Panicum-spesies in die N3 sone betekenisvol laer as dié van die N1 en S3 sonas was. Daar was nie-betekenisvolle verskille tussen die S1 en S2 sonas nie.


Dit beteken dus dat die beste lokaliteit vir Panicum-spesies, die twee meter direk suid van die boomstam is (figuur 30). Die faktore wat vir dié verskynsel verantwoordelik is, is nie ondersoek nie, maar die vogfaktor mag hier 'n belangrike rol speel.

2. Die Aristida-spesies

Die waarde van die Aristida-spesies in die N3, N2, S2 en S3 sonas was betekenisvol hoër as in die N1 en S1 sonas. Die waarde in die N2 en S2 sonas was weer betekenisvol laer as in dié N3 en S3 sonas. Die waarde van die Aristida-spesies in die N2-sone, was ook nie-betekenisvol hoër as dié van die S3 sonas nie, maar was wel betekenisvol laer as die waarde in die N3 sone.

3. Die Eragrostis-spesies


Die waarde van die Eragrostis-spesies in die S2 en S3 sonas was betekenisvol hoër in die N3 sonas, terwyl die waarde in die N2, N1 en S1 sonas, nie-betekenisvol laer was as dié in die S2 en S3 sonas nie (figuur 32).



Die aantal individue in S1 en S2 was betekenisvol hoër as dié in N1, N2, N3 en S3, terwyl dié in N3 betekenisvol laer was as in N1 en S3.


Die aantal individue in die N1, N2 en S3 sones, het nie betekenisvol van mekaar verskil nie.

Figuur 30: Verspreiding van Panicum-spesies onder Acacia erubescens individue.



Die aantal individue in N3, N2, S2 en S3 was betekenisvol hoër as dié in N1 en S1, terwyl dié in N2 en S2 betekenisvol laer was as in N3 en S3. Die aantal individue in N2 was nie-betekenisvol hoër as dié in S3 nie, maar was betekenisvol laer as dié in N3.

Figuur 31: Verspreiding van Aristida-spesies onder Acacia erubescens individue.



Die aantal individue in S2 en S3 was betekenisvol hoër as dié in N3, terwyl dié in N1, N2 en S1 nie betekenisvol laer was as dié in S2 en S3 nie.

Figuur 32: Verspreiding van Eragrostis-spesies onder Acacia erubescens individue

Dit beteken dus dat die beste lokaliteit vir die Eragrostis-spesies, 1 tot 3 meter suid van die boomstam is. Die faktor wat vir dié verskynsel verantwoordelik is, is ook nie ondersoek nie. Die grondvogfaktor blyk ook hier van belang te wees.

In tabelle 43 en 44 word die effekte van die spesies en sones afsonderlik aangedui.

Tabel 43: Die effek van spesies

Totale waardes	<u>Panicum</u> spp.	<u>Aristida</u> spp.	<u>Eragrostis</u> spp.	Gem.	Betekenis- volle verskil
Aantal vir 20 1 - 1 meter perseeltjies	246	509	187	214	56,4
Aantal as per- sentasie	78,3	162,1	59,5	100	17,9

Uit tabel 43 is dit duidelik dat die Aristida-spesies 'n betekenisvol hoër waarde as die Panicum- en Eragrostis-spesies gehad het. Die waarde van die Eragrostis-spesies was betekenisvol laer as dié van die ander spesiegroepe.

Tabel 44 Die effek van sones

Totale waardes	N1	N2	N3	S1	S2	S3	Gem.	Betekenis- volle ver- skil (P=0,05)
Aantal	100	164	175	146	176	181	137	79,8
As persentasie van gem.	63,7	104,5	111,5	92,9	112,1	115,2	100	50,8

Uit tabel 44 is dit duidelik dat die waarde van die grasspesies in die S3 sone betekenisvol hoër was as dié van die N1 sones, behalwe in die geval van die Aristida-spesies.

OPSOMMING

Die studie is in die Laer Krokodilriviervallei in Noordwes-Transvaal feitlik teen die Botswana/R.S.A.-grens uitgevoer.

Die doel van die ondersoek was om die invloed van die bodem op die verspreiding en floristiese samestelling van die plantgemeenskappe te ondersoek en ook om een van die gemeenskappe kwantitatief en kwalitatief te beskryf.

Die bodem van die studiegebied is noukeurig deur middel van die foto-voorbereidings-metode (Harmse 1969) ondersoek. Elf verskillende grond-series is noukeurig met behulp van profielstudies bepaal. Die beskrywing van die profiele verskyn in addendum II.

Die plantegroei is deur middel van 108 20 x 20 meter persele bestudeer. Die resultate is volgens die assosiasie-analise-tegniek van Williams en Lambert (1959) gegroepeer en verwerk. Deur middel van hierdie metode is elf plantgemeenskappe van mekaar onderskei. Elkeen is volgens die dominante spesies benaam. Die grense van die plantgemeenskappe is met behulp van lugfoto's en veldkontroles vasgestel.

Die invloed van die bodem op die verspreiding van sekere plantspesies en derhalwe ook sekere gemeenskappe, kon baie duidelik aangedui word. Dit kon byvoorbeeld aangetoon word, dat elk van die volgende spesies, naamlik Acacia grandicornuta, Acacia karroo, Acacia nigrescens, Acacia tenuispina, Combretum apiculatum, Diospyros mespiliformis, Rhus pyroides, Sclerocarya caffra en Terminalia sericea hoofsaaklik net op een grond-tipe voorkom, terwyl Acacia erubescens, Acacia tortilis en andere op meeste van die grondtipes voorkom. Dit was ook duidelik dat die verspreiding van die meeste houtagtige spesies met edafiese faktore gekorreleer is terwyl hierdie verskynsel nie by die grasse algemeen voorkom nie. Elk van die onderskeie plantgemeenskappe word oorsigtelik beskryf om die verspreiding, floristiese samestelling en fisio-nomie aan te dui. Hierdie beskrywings is nie in al die gevalle baie akkuraat nie, aangesien die aantal persele wat gebruik is, soms te beperk was.

Alhoewel die bedekking baie varieer en die bome in sommige gevalle redelik verdwerg is, kan die plantegroei van die studiegebied as 'n oop savanna beskou word. Die variasies binne die savanna kan op grond van hierdie ondersoek, hoofsaaklik aan edafiese faktore toegeskryf word.

Die intensiewe ekologiese studie in die Acacia erubescens/Grewia flava-gemeenskap, is in 'n proefperseel van nagenoeg 15 hektaar op die plaas Welgevonden uitgevoer. Hierdie proefperseel is in eenhede van twaalf 100 x 125 meter persele bestudeer. Uit dié studie het dit geblyk dat die plantegroei van die twaalf persele, redelik konstant is en dat dit saamgestel is soos in tabelle 34 en 35 aangedui is. Acacia erubescens is dus die dominante boomsoort met nagenoeg 98 individue per hektaar. Grewia flava is die dominante plantsoort in die struikstratum met nagenoeg 123 individue per hektaar.

Die grasbedekking is deur middel van strookpersele en 'n wielpunt-opname (Tidmarsh en Havenga 1955) bestudeer. Aandag is ook gegee aan die floristiese samestelling van die grasbedekking onder die drie belangrikste boomsoorte, naamlik Acacia erubescens, Acacia tortilis en Boscia albitrunca. Die verspreiding van grasspesies in verskillende sones onder die boomkruine, het ook aandag geniet.

Die belangrikste bevindings van die studie is die volgende:

1. Die Plantegroei van die studiegebied van ongeveer 55 vierkante kilometer, verteenwoordig elf verskillende plantgemeenskappe, nl:
 - 1.1 Die Acacia tenuispina/Chloris virgata-gemeenskap.
 - 1.2 Die Acacia tortilis/Acacia tenuispina-gemeenskap.
 - 1.3 Die Acacia tortilis/Acacia erubescens gemeenskap.
 - 1.4 Die Dichrostachys cinerea/Eragrostis rigidior-gemeenskap.
 - 1.5 Die Acacia erubescens/Aristida barbicollis-gemeenskap.
 - 1.6 Die Gemengde Acacia- en Breëblaar-boom-gemeenskap.
 - 1.7 Die Acacia tortilis/Eragrostis rigidior-gemeenskap.
 - 1.8 Die Acacia karroo/Panicum maximum-gemeenskap.
 - 1.9 Die Acacia erubescens/Grewia flava-gemeenskap.
 - 1.10 Die Acacia grandicornuta/Chloris virgata-gemeenskap.
 - 1.11 Die Combretum apiculatum/Aristida barbicollis-gemeenskap.

2. Die volgende grondseries is in die studiegebied geïdentifiseer:

- (i) Die Craven serie van die Valsrivier vorm.
- (ii) Die Denhere serie van die Clovelly vorm.
- (iii) Die Dundee serie van die Dundee vorm.
- (iv) Die Makatini serie van die Hutton vorm.
- (v) Die Mispah serie van die Mispah vorm.
- (vi) Die Rensburg serie van die Rensburg vorm.
- (vii) Die Sarasdale serie van die Willowbrook vorm.
- (viii) Die Shorrocks serie van die Hutton vorm.
- (ix) Die Soetmelk serie van die Avalon vorm.
- (x) Die Sterkspruit serie van die Sterkspruit vorm.
- (xi) Die Weenen serie van die Bonheim vorm.

Die individuele grondseries wat in die studiegebied voorkom, kon volgens die fisiografiese posisie wat hulle in die landskap beslaan, op die volgende wyse gegroepeer word:

- 2.1 Gronde van die sentrale kleivlaktes.
- 2.2 Gronde van die oorgangsones met goed ontwikkelde strukture.
- 2.3 Apedale gronde van die degradasie en aggradasie fases van die pedivlaktes.
- 2.4 Gronde van die Krokodilrivier-vallei.

3. Die verband tussen die verskillende plantgemeenskappe en die bodemtipes, kan as volg saamgevat word:

- 3.1 Die grense van die plantgemeenskappe stem nagenoeg 70 persent ooreen met dié van die grondassosiasies waarop dit voorkom (Vergelyk die plantegroeikaart met die bodemkaart).
- 3.2 Die verspreiding van sommige plantspesies is gekorreleer met bepaalde grondseries. Opvallende korrelasies is onder andere:

Spesie	Grondserie(s)
<u>Acacia grandicornuta</u>	Sarasdale
<u>Acacia karroo</u>	Dundee
<u>Acacia nigrescens</u>	Soetmelk
<u>Acacia tenuispina</u>	Rensburg
<u>Combretum apiculatum</u>	Mispah
<u>Diospyros mespiliformis</u>	Dundee
<u>Rhus pyroides</u>	Dundee
<u>Sclerocarya caffra</u>	Soetmelk
<u>Terminalia sericea</u>	Denhere

3.3 Die faktore wat vir dié korrelasies verantwoordelik is, is nie ondersoek nie. Uit die chemiese analise het wel geblyk dat die gronde oor die algemeen redelik vrugbaar is, sodat die faktore eerder fisies van aard moet wees.

4. Uit die ondersoek van die struktuur en samestelling van die Acacia erubescens/Grewia flava-gemeenskap, het dit geblyk dat Acacia erubescens $\pm$ 78,5 persent van die boombevolking verteenwoordig. Die ander boomspesies, in volgorde van belangrikheid, is Acacia tortilis, Acacia mellifera, Boscia albitrunca, Acacia giraffae en Ziziphus mucronata. Struike in volgorde van belangrikheid is, Grewia flava, Grewia occidentalis, Rhigozum brevispinosum, Tarchonanthus camphoratus en Dichrostachys cinerea.

Aristida barbicollis is die dominante grasspesie. Die ander grasspesies in volgorde van belangrikheid is Schmidtia pappophoroides, Aristida stipitata, Panicum coloratum, Tragus berteronianus, Eragrostis atherstonei, Digitaria pentzii, Aristida adscensionis, Enneapogon scoparius, Eragrostis lehmanniana, Panicum maximum en Rhynchelytrum repens. Enkele individue van Chloris virgata, Stipagrostis uniplumis, Cenchrus ciliaris en Heteropogon contortus is ook aangetref. Die gemiddelde persentasie grasbedekking bedra $\pm$ 3,8 persent.

5. Uit dié ondersoek het dit ook geblyk dat die grasbedekking onder en direk om die boomkruine redelik van die grasbedekking in die oop dele verskil. Die algemene verspreidingstendens van grasspesies onder Acacia erubescens, Acacia tortilis en Boscia albitrunca was deurgaans dieselfde.

Panicum maximum kom hoofsaaklik onder die bome voor en is feitlik afwesig buite die kruine. Oor die algemeen was die Eragrostis-stand onder die suide-kant van die boomkruine, hoër as aan die noorde-kant. Die hoogste digtheid van die Aristida-spp. het hoofsaaklik direk om die boomkruine voorgekom.

SUMMARY

The study was conducted in the Lower Crocodile valley in the North-western Transvaal, which is approximately located on the border between Botswana and the R.S.A. The aim of the study amongst others was the determination of the influence of the edafic factor on the distribution and floristic composition of the plant communities, and also to describe one of the plant communities quantitatively and qualitatively.

The soils of the study area have been mapped with the aid of the photopreparation method (Harmse 1969). Eleven different soil series were identified and classified. The description of the various profiles is given in the addendum nr. 11.

The vegetation was studied by means of one hundred and eight 20 x 20 meter plots. The results were analyzed by means of the Williams and Lambert association technique and grouped in the various homogenous groups (i.e. the plant communities). This method revealed that eleven plant communities can be distinguished in the study area. Each community was named according to the dominant species. The boundaries of the different plant communities were established with the aid of arial photographs and also by inspection in the field.

The influence of the soil on the distribution of some of the plant species, and therefore some of the plant communities, could be shown without any doubt. Each of the following species, Acacia grandicornuta, Acacia karroo, Acacia nigrescens, Acacia tenuispina, Combretum apiculatum, Diospyros mespiliformis, Rhus pyroides, Sclerocarya caffra and Terminalia sericea occurred on different soil types. Acacia erubescens and Acacia tortilis, amongst others, occurred on more than one soil type. The first group is therefore very specific with regard to the edafic factor. The latter has a broader spectrum of adaptation. It is also clear that the distribution of the majority of woody-species is definitely correlated

to the soil factor. This phenomenon is not clear with the study of the grasses at all. The results of the study enabled the writer to give a brief description of the floristic composition and physiognomy of each of the eleven plant communities. These descriptions are not always reliable and accurate as some surveys were based on too few plots. The vegetation in general can be described as an open savannah, despite several variations in composition, density and size of the trees.

The variation in the composition of the savannah are largely due to soil variations since the climatic situation is fairly uniform.

The intensive ecological study in the Acacia erubescens/Grewia flava-community was carried out on a plot of approximately 15 hectare on the farm, Welgevonden. This plot was sub-divided into twelve units of 100 by 100 meter plots. The result of this study indicated that Acacia erubescens is the dominant tree with an average of 98 individuals per hectare, and Grewia flava is the dominant shrub with an average of 123 individuals per hectare; and also that the distribution of trees in this community is relatively uniform. The floristic composition of the community is indicated in tables 34 and 35.

The grass cover was studied by means of belt-transects and also by means of the wheelpoint-technique of Tidmarsh and Havenga (1955). Attention was also given to the floristic composition of the grass-cover beneath the crowns of the three most important trees, namely Acacia erubescens, Acacia tortilis and Boscia albitrunca. The distribution of grass species in the different zones beneath the trees, (zones represent the different localities beneath the crown as is described in chapter 5) also received attention.

A few of the more important conclusions of the study are the following:

1. The vegetation of the study area of approximately 55 square kilometers represents eleven different plant communities:
They are:
 - 1.1 The Acacia tenuispina/Chloris virgata-community.
 - 1.2 The Acacia tortilis/Acacia tenuispina-community.
 - 1.3 The Acacia tortilis/Acacia erubescens-community.
 - 1.4 The Dichrostachys cinerea/Eragrostis rigidior-community.
 - 1.5 The Acacia erubescens/Aristida barbicollis-community.
 - 1.6 The mixed Acacia- and Broad leave tree-community.
 - 1.7 The Acacia tortilis/Eragrostis rigidior-community.
 - 1.8 The Acacia karroo/Panicum maximum-community.
 - 1.9 The Acacia erubescens/Grewia flava-community.
 - 1.10 The Acacia grandicornuta/Chloris virgata-community.
 - 1.11 The Combretum apiculatum/Aristida barbicollis-community.

2. The following soil series were identified in the study area:
 - (i) The Craven series of the Valsriver form.
 - (ii) The Denhere series of the Clovelly form.
 - (iii) The Dundee series of the Dundee form.
 - (iv) The Makatini series of the Hutton form.
 - (v) The Mispah series of the Rensburg form.
 - (vi) The Rensburg series of the Rensburg form.
 - (vii) The Sarasdale series of the Willowbrook form.
 - (viii) The Shorrocks series of the Hutton form.
 - (ix) The Soetmelk series of the Avalon form.
 - (x) The Sterkspruit series of the Sterkspruit form.
 - (xi) The Weenen series of the Bonheim form.

The individual soil series can be grouped into the following categories on the basis of their position in the landscape:

- 2.1 Soils of the central clay flats.
- 2.2 Soils of the intermediate zones with well-developed structures.

- 2.3 Apedal soils of the degradation and aggradation phases of the pediplains.
 - 2.4 Soils of the Crocodile River valley.
3. The relation between the distribution of the various plant communities and the soil types is the following:
 - 3.1 The distribution of the plant communities are actually the same as that of the soil series on which they occur (compare the vegetation map with the soil map).
 - 3.2 The distribution of some of the plant species is clearly correlated with a specific soil type.

The following species occur exclusively on the soil type listed below:

Species	Soil serie(s)
<u>Acacia grandicornuta</u>	Sarasdale
<u>Acacia karroo</u>	Dundee
<u>Acacia nigrescens</u>	Soetmelk
<u>Acacia tenuispina</u>	Rensburg
<u>Combretum apiculatum</u>	Mispah
<u>Diospyros mespiliformis</u>	Dundee
<u>Rhus pyroides</u>	Dundee
<u>Sclerocarya caffra</u>	Soetmelk

- 3.3 The factors responsible for these correlations have not been studied as such. There is a strong possibility that they are of a physical nature as the soils are all fairly good.
4. The more intensive study of the Acacia erubescens/Grewia flava-community revealed that Acacia erubescens forms $\pm 78,5$ percent of the tree population. The other tree species in order of importance are: Acacia tortilis, Acacia mellifera, Boscia albitrunca, Acacia giraffae and Ziziphus mucronata. Shrubs in order of importance are: Grewia flava, Grewia occidentalis, Rhigozum brevispinosum, Tarchonanthus camphoratus and Dichrostachys cinerea.

The average percentage grass cover is $\pm 3,8$ with Aristida barbicollis being the dominant grass. The other grass species in order of importance are: Schmidtia pappophoroides, Aristida stipitata, Panicum coloratum, Tragus berteronianus, Eragrostis atherstonei, Digitaria pentzii, Aristida adscensionis, Enneapogon scoparius, Eragrostis lehmanniana, Panicum maximum and Rhynchelytrum repens. Plants of Chloris virgata, Stipagrostis uniplumis, Cenchrus ciliaris and Heteropogon contortus occur less frequently.

5. The study also revealed that the grass cover beneath and in the immediate vicinity of the trees is quite different from that in the more open areas between the trees. These differences are mainly floristic. Panicum-species occur mainly beneath the trees and Eragrostis- and Aristida species mainly among the trees. It was found that the density of the Eragrostis-species was higher on the south side of the tree trunks than on the north side. The highest density of the Aristida-species occur directly outside the tree crowns.

DANKBETUIGINGS

Graag wens ek my opregte dank te betuig aan die volgende instansies en persone:

Aan die Departement van Landbou-Tegniese Dienste vir die finansiële steun wat aan my verleen is om hierdie ondersoek uit te voer.

Aan Prof. J.J.P. van Wyk, professor in Plantkunde aan die P.U. vir C.H.O., onder wie se leiding hierdie werk uitgevoer is. Ek is hom baie dank verskuldig vir sy bekwame leiding en hulpvaardigheid.

Aan Prof. H.J. Von M. Harmse, professor in Bodemkunde aan die P.U. vir C.H.O. vir sy gewaardeerde leiding in verband met die bodemkundige ondersoek en volgehoue belangstelling in die studie.

Aan mnr. Ben Coetzee van Botaniese opnames (Pretoria) vir die verwerking van die gegewens met behulp van 'n IBM-rekenaar.

Aan die personeel van die Nasionale Herbarium (Pretoria) vir die hulp aan my verleen met die identifikasie van plantmateriaal.

Aan die personeel van die Plantkundedepartement van die P.U. vir C.H.O. vir die aangename omstandighede waaronder die studie uitgevoer kon word.

Aan mev. A. Tait vir die bekwame wyse waarop sy die tikwerk afgehandel het.

Ten slotte wil ek 'n spesiale woord van dank aan my vrou, moeder en skoonouers rig vir hulle morele ondersteuning, belangstelling en aanmoediging, wat bygedra het tot die voltooiing en sukses van hierdie studie.

Die grootste dank en eer aan Hom waarsonder geen mens tot iets in staat is nie.

Plantkundedepartement
P.U. vir C.H.O.
POTCHEFSTROOM

VERWYSINGS

- Acocks, J.P.H.
1953. Veld Types of South Africa. Bot. Surv. of S.Afr., Mem. 28, Gov. Print., Pretoria.
- Adamson, R.S.
1938. The Vegetation of South Africa. Bnt. Empire Veg. Comm., London. 235 p.
- Black, C.A.
1957. Soil-Plant relationships. John Wiley & Sons, Inc. New York 332 p..
- Black, C.A.
1965. Methods of Soil Analysis. American Society of Agronomy, Inc. Madison, Wisconsin, U.S.A. 1572 p. 2dle.
- Braun-Blanquet, J.
1932.. Plant Sociology. McGraw-Hill Book Company, Inc., New York & London. 439 p..
- Buckman, H.O. & Brady, N.C.
1952. The Nature and Properties of Soils; a college text of edaphology. New York. Macmillan.
- Donahue, R.L.
1958. Soils: "An introduction to soils and Plant growth". Prentice-Hall, Inc., U.S.A.
- Du dal, R.
1965. Dark Clay soils of Tropical and subtropical Regions. Food and Agriculture organization of the United Nations, Rome.
- Geologiese Opname.
1970. Geologiese kaart van die Republiek van Suid-Afrika en die koninkryke Lesotho en Swaziland; Skaal 1:1 000 000. Staatsdrukker, Pretoria
- Goodall, D.W.
1953. Objective methods for the classification of vegetation. The use of positive interspecific correlation., (Australian Journal of Botany 1. p. 39 - 63).
- Harmse, H.J. von M. & Du Plessis, M.M.
1969. Algemene Bodemkunde. Ongepubliseerde gegewens dept. L.T.D.

- King, L.C.
1951.
- Kramer, P.J.
1949
- Pole-Evans, I.B.
1936.
- Robbertse, P.J.
1971
- Shimwell, D.W.
1971.
- Strahler, A.N.,
1951.
- Tidmarsh, C.E.M. en
Havenga, C.M.
1955.
- Trewartha, G.T.
1968.
- Van Wyk, J.J.P.
1959.
- Weather Bureau Annual Reports,
1957 - 1963.
- Williams, W.T. and
Lambert, J.M.
1959.
- Williams, W.T. and
Lambert, J.M.
1959.
- South African Scenery:
Oliver and Boyd Ltd., Edinburg.
379 p.
- Plant and soil water relationships,
McGraw - Hill Book Co., London.
- 'n Plantegroei-kaart van Suid-
Afrika, Plantkundige opname van
Suid-Afrika., Mem. 15. Staats-
drukker, Pretoria.
- 'n Morfologiese studie van die
Genus *Acacia* Miller in Suid-
Afrika. D.Sc-tesis. Universiteit
van Pretoria.
- Description and Classification of
Vegetation. Sidgwick & Jackson.,
London.
- Physical Geography.
John Wiley & Sons, Inc., New York.
- The Wheelpoint Method of Survey
and Measurement of Semi-open
Grasslands on Karroo vegetation
in South Africa.
Bot. Surv. of S.Afr., Mem. 29.
- An Introduction to Climate.
McGraw-Hill, Inc., Wisconsin.,
U.S.A.
- Sistematies-Ekologiese studie van
die plantegroei van die plaas
Koedoesfontein No. 746 en omge-
wing in die Rustenburgse Distrik,
M.Sc.-verhandeling, P.U. vir C.H.O.
- Department of Transport.
- Multivariate methods in Plant
Ecology I.
Association analyses in Plant
communities. (Journal of Ecology
Vol. 47. P. 83 - 101).
- Multivariate methods in Plant
Ecology II. The use of an Elec-
tronic Digital Computer for As-
sociation Analysis. (Journal of
Ecology Vol. 48 p. 689 - 710).

ADDENDUM I

ALFABETIESE SPESIELYS

Die volgende spesies verteenwoordig al die plantsoorte wat gedurende die opnames aangeteken en versamel is. Gerieflikheidshalwe word die houtagtige spesies en die grasspesies afsonderlik, in alfabetiese volgorde verstrek.

1. Houtagtige spesies:

1.1 Bome:

- Acacia erubescens Welw. ex Aliv.
- Acacia giraffae Willd.
- Acacia grandicornuta Gerstn.
- Acacia karroo Hayne.
- Acacia mellifera (Vahl) Benth. subsp. detinens (Burch.) Brenen.
- Acacia nigrescens Oliv.
- Acacia tenuispina Verdoorn.
- Acacia tortilis (Forsk.) Hayne subsp. heteracantha (Burch.) Brenen.
- Boscia albitrunca (Burch). Gilg & Ben.
- Combretum apiculatum Sond subsp. apiculatum.
- Dombeya rotundifolia (Hochst.) Planch.
- Peltophorum africanum Sond.
- Rhus pyroides Burch.
- Sclerocarya caffra Sond.
- Terminalia sericea Burch ex DC.
- Ziziphus mucronata Willd.

